# 'N ANALISE EN EVALUERING VAN DIE ISISGODSDIENS TE ROME

deur

ALETTA CATHARINA MAGDALENA KUPERUS

Studie aangebied ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM
(LATYN)

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
aan die
Potchefstroomse Universiteit
vir
Christelike Hoër Onderwys

LEIER: PROF. DR. H.W. SIMPSON

JANUARIE 1982 EDENVALE

Aan Willie

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie verhandeling rig ek graag 'n woord van dank aan diegene sonder wie se hulp die studie nie moontlik sou gewees het nie. In die eerste plek dink ek met dankbaarheid terug aan my ouers wat dit vir my moontlik gemaak het om 'n universiteitsopleiding te kon volg.

Graag wil ek mej. H.A. Holtzhausen, Hoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria, se naam noem wat heel eerste by my 'n liefde en belangstelling vir die klassieke opgewek het.

Ek wil die nagedagtenis eer van wyle prof. dr. W.N. Coetzee, sonder wie se positiewe leiding en gedurige onderskraging ek nie hierdie studie sou aangepak het nie. Dit was 'n eer en voorreg om 'n student van hom te kon wees.

Prof. dr. W.H. Simpson het met sy insig en konstruktiewe leiding my in staat gestel om die studie voort te sit en te voltooi. My hartelike dank aan hom vir sy hulp, moeite en ook tyd wat hy tydens sy drukke werksprogram vir my ingeruim het.

Ek spreek ook my waardering uit teenoor die personeel van die volgende biblioteke: P.U. vir C.H.O., Universiteit van Pretoria, Unisa, Randse Afrikaanse Universiteit, en The National Library of Scotland (Edinburgh).

Aan my suster, mev. G.H. van Jaarsveld, my innige dank vir die taalkundige nasien van my skripsie. Hiermee ook my dank aan mev. Weidemann vir die bekwame afhandeling van die tikwerk.

Die liefdevolle ondersteuning en aanmoediging van my man en kinders was 'n faktor van deurslaggewende betekenis in my nagraadse studiejare. Geen opoffering was vir hulle te groot tydens die voltooiing van my skripsie nie.

Aan Hom wat my deur die jare die krag en genade gegee het om te kon studeer kom alleen die eer toe.

# INLEIDING

Verskillende navorsers en skrywers het al die aanbidding van Isis bestudeer en verskillende werke daaroor gepubliseer. Isis was oorspronklik 'n Egiptiese godin en is later oor die hele Romeinse Ryk vereer.

Die doel van hierdie studie is om die verering van Isis in Rome te ondersoek. Die bestudering van die godsdiens, spesifiek in Rome, is voor die handliggend: Rome was nie alleen die hoofstad van die Romeinse Ryk nie, maar het ook later die "hoofstad" van die Rooms Katolieke Kerk geword. Die invloed van die kerk op die Isisgodsdiens sowel as die omgekeerde sou begryplikerwys vanuit Rome plaasvind. Dit sal 'n belangrike studieveld vir toekomstige navorsers wees.

In hierdie studie het ek slegs raakpunte van sinkretisme tussen die Kerk en die Isisgodsdiens aangedui. Hoewel daar reeds baie oor Isis geskrywe is, is nog geen besondere studie gemaak van haar godsdiens in Rome nie. Hierdie studie is 'n poging om in dié leemte te voorsien.

Met vrug is gebruik gemaak van o.a. die volgende skrywers: S. Angus en F. Cumont wat veral oor die ontwikkeling van die misteriegodsdienste in die algemeen geskryf het; Vidman wat die numismatiek aangeraak het; J.L.M. de Lepper en H. Leopold wat algemene inligting oor die godsdiens in Rome verskaf het; Griffiths wat spesifiek 'n studie van die Metamorphoses van Apuleius, gemaak het en daarom "The Isis-book" laat verskyn het; S. Dill en A. Nock wat groot bydraes gelewer het, ten opsigte van die bestudering van die godsdienstige ontwikkeling in Rome en R. Witt en Sharon Heyob wat uitmuntende werk gelewer het oor die godin Isis se verering maar nie in besonder oor haar verering in Rome nie.

Die metode wat in hierdie studie gevolg is, is om afgesien van sekondêre skrywers, in besonder die primêre skrywers se werke en bibliografiese bronne te raadpleeg.[1] Om die wese van die Isisgodsdiens in Rome te kon weergee was dit nodig om in hoofstuk 1 die ontstaan en ontwikkeling in Egipte aan te dui. In die tweede hoofstuk is daarop gewys dat dit 'n belangrike aspek van Isis se kultus was dat dit hoofsaaklik via die Hellenistiese wêreld na Rome verbrei het. In hoofstuk 3 is die vrug van inligting uit die primêre bronne onder die loep geneem en geëvalueer om 'n oorsig oor die geskiedenis te kon gee. T.o.v. die aard en wese van die godsdiens in Rome, soos in hoofstuk 4 aangedui is veral as bron Apuleius se Metamorphoses gebruik. In die laaste hoofstuk volg 'n samevatting van die belangrikste gevolgtrekkings wat in die loop van die studie gemaak is.

---

1) Vgl. Bibliografie: Primêre en Bibliografiese bronne.

# 'N ANALISE EN EVALUERING VAN DIE ISISGODSDIENS TE ROME

## I N H O U D


BLADSY

INLEIDING

HOOFSTUK 1: ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE ISISGODSDIENS IN EGIPTE

1.1 DIE OORSPRONG VAN ISIS 1
1.2 DIE EIENSKAPPE VAN ISIS 3
1.3 DIE ISIS- EN OSIRISLEGENDE 10
1.4 ISIS EN SARAPIS 13

HOOFSTUK 2: DIE VERBREIDING VAN DIE ISISGODSDIENS IN DIE HELLENISTIESE WÊRELD

2.1.1 Delos 19
2.1.2 Kreta 20
2.1.3 Athene 21
2.1.4 Ander eilande en stede in Griekeland en Klein-Asië 21

2.2 INSKRIPSIES EN NAME VAN ISIS, GEBRUIK IN DIE BEKENDE WÊRELD VAN HAAR TYD 22

2.3 OUDSTE GETUIENIS VAN DIE ISISGODSDIENS IN DIE WESTELIKE MIDDELLANDSE SEEGEBIED 22

2.4 DIE ISISGODSDIENS SE VERBREIDING NA ITALIË EN ROME 22

BLADSY

HOOFSTUK 3: DIE GESKIEDENIS VAN DIE ISIS-GODSDIENS IN ROME

3.1 INLEIDING 28
3.2 GEGEWENS VAN DIE NUMISMATIEK 29
3.3 DIE ISISGODSDIENS EN VERVOLGINGS VOOR DIE KEISERTYDPERK 31
3.4 DIE ISISGODSDIENS GEDURENDE DIE KEISERTYDPERK IN ROME 34

3.4.1 Augustus 34
3.4.2 Tiberius 36
3.4.3 Gaius Caligula 37
3.4.4 Claudius 39
3.4.5 Nero 40
3.4.6 Die Flaviërs 40
3.4.7 Die Antonines 42
3.4.8 Commodus 43
3.4.9 Caracalla 44
3.4.10 Konstantyn en latere keisers 45

HOOFSTUK 4: DIE AARD EN WESE VAN DIE ISIS-GODSDIENS IN ROME

4.1 VOORAFGAANDE GODSDIENSTIGE BESKOUINGE IN ROME 48

4.1.1 Animisme en Huisgode 48
4.1.2 Romeinse Staatsgodsdiens 49
4.1.3 Misteriegodsdienste 49

4.2 DIE TOEKOMSVERWAGTING VAN DIE ROMEINE IN ROME 49

BLADSY

| | | |
|---|---|---|
| 4.3 | DRIE STADIA VAN ONTWIKKELING IN DIE ISISGODSDIENS IN ROME | 51 |
| 4.3.1 | Voorbereiding en keuring (Katharsis) | 52 |
| 4.3.2 | Inisiasie en gemeenskap | 56 |
| 4.3.3 | Seën en Verlossing | 66 |
| 4.4 | VOORBEELD VAN 'N GEBED AAN ISIS | 67 |
| 4.5 | AMPSDRAERS VAN ISIS IN ROME | 67 |
| 4.6 | VERNAAMSTE PLEK VAN AANBIDDING IN ROME: TEMPEL VAN ISIS EN SARAPIS | 70 |
| 4.7 | GEHEIME TEKENS VAN ISIS | 73 |
| 4.7.1 | Die Isisbloed | 73 |
| 4.7.2 | "Cysta Mystica" | 73 |
| 5. | ISIS EN DIE CHRISTENDOM | 74 |
| HOOFSTUK 5: | SAMEVATTING | 76 |
| BIBLIOGRAFIE | | 78 |
| ABSTRACT | | 93 |

# HOOFSTUK 1

# ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE ISISGODSDIENS IN EGIPTE

## 1.1 DIE OORSPRONG VAN ISIS

Isis is die Griekse vorm van die Egiptiese woord wat "troon" beteken. In hiërogliewe het die prentjie van ŉ troon met vroulike tekens daaragter, die naam van ŉ godin aangedui. W. Kakosy noem in sy boekbespreking oor Plutarchus se "De Iside et Osiride" die volgende:

"The name of Isis was brought into connection with the verb [illegible]. This could perhaps be explained by the rare writing [illegible] of the goddess where [illegible] might have been connected with the verb [illegible].[1] In this case the Greek and Egyptian etymology could have stand near each other" (Bibliotheca Orientalis, 1971, p. 341[2]). "So finden wir weitverbreitet einen Thron-Kult im welchem der Thron der ursprünglich die Gottheid selber war, als << Sitz der Gottheit << verehrt wurde" (Neumann, sd. p. 103).

---

1) Bibliotheca Orientalis 1971, p. 341, vgl. Diodorus Siculus 1.11.4 waarin ander name vir Isis ook genoem word, asook Roscher, 1965, p. 362.

2) Oxyrhynchus Papyri 11.1380.23 en 11.1380.282, 286 en 296; Morenz, 1960, p. 23; Roscher, 1965, p. 362).

Die stambetekenis van die naam is "troonvrou", d.i. die "koningin". Die Egiptiese troonopvolging was aanvanklik streng matriliniêr en die troon het gegaan van moeder na dogter. Die koning was slegs koning deur sy huwelik met die koningin.

Isis het die troon van Osiris, wie se sustervrou sy was, personifieer.
Soos wat Osiris die son voorgestel het, het Isis die maan voorgestel (Diod. Sic. 1.11.1).

In die Piramidetekste van die oudste bestaande godsdienstige literatuur, geskrywe op die mure van die grafkamers van koning Unas (by Sakkara) waar konings van die vyfde en sesde dinastie begrawe is, vind ons verskillende onderbroke sinspelings aangaande die mite van Isis, Osiris en Horus. Daar is tekens gevind dat Isis kontak gehad het met die kultus van Set (Setekh), Anubis, die noordelike Horus, die Kobra-godin, Watjit en die songod, Re(Ra). (Roscher 1965, pp. 361, 362[4]) (Budge 1968, p. 206; Morenz, 1960, p. 21).

In die vroeëre tweede eeu is daar ŉ interessante papirusrol geskrywe - ŉ invokasie tot Isis. Dit is heel waarskynlik deur ŉ priester van Isis by Oxyrhynchus geskrywe waar Isis ŉ tempel gehad het, of miskien te Memphis (Oxyrhynchus Papyri 11.1380.97-101, en 11,1380.1-298). Die invokasie bestaan uit twee dele. Die eerste deel handel hoofsaaklik oor die bekende eienskappe van die godin in haar rol as Πολυώνυμος, Die tweede gedeelte begin met lofuitinge en hoogstaande eienskappe van die godin wat besing word. Dit sal later behandel word onder die afdeling waar die eienskappe van Isis beskryf word.

---

3) Vgl. Cambridge A. Hist. p. 331; Roscher, 1965, p. 362; Everyman's Encyclopaedia Vol. 7, p. 93; Der Grosse Brockhaus p. 744; Encyclopaedia Americana, Vol. 10, p. 22; Chambers Encyclopaedia, Vol. 5, p. 34; World book Encyclopaedia, Vol. 10, p. 374).

4) Vgl. Budge 1980, p. 206 en Morenz, 1960, p. 21.

ŉ Kopie van ŉ baie belangrike dokument wat handel oor Isis is in Cymae in klein-Asië gevind. Dit is geskryf deur ŉ ingewydene (Corpus Inscriptionum Graecarum soos na verwys in Oxyrhynchus Papyrus 11.1380). Dit is afkomstig van ŉ grafsuil wat in Memphis voor die tempel van Hephaestus staan. Sommige skrywers meen egter dat Isis en Osiris nie in Memphis begrawe is nie, maar wel op ŉ eiland in die Nyl naby die stad Philae op die grens van Egipte en Etiophië (Oxyrhynchus 11.1380.2, Diod. 1.22.2,3[5]).

## 1.2 DIE EIENSKAPPE VAN ISIS

Uit die verskillende papyri is dit duidelik dat Isis van die begin af die koningin met baie name was. Diodorus vertel ook van ŉ grafsteen in Arabië waar van baie van haar eienskappe op die suil beskryf is (Diod. 1.27.4.5).

Isis het oor magiese kragte beskik. Daar word dikwels melding gemaak van die feit dat sy Horus met haar towerkunste beskerm het. As towenares kon sy haar in die gestalte van enige mens of dier verander (Roscher, 1965, pp. 368, 369). In die Oxyrhynchus Papyri word sy as iemand beskrywe wat ŉ mengsel was van goddelike, menslike en dierlike elemente (Oxyrhynchus 11.1380. 77,107,130,26,86,111,18,41,110,34,36,89).

In die Metternich-grafsuil word sy "die groot towenares wat gesondmaak", genoem. Later word sy beskrywe as die uitvindster van ŉ godedrankie wat die ewige lewe kan bewerkstellig (Diod.

---

5) "ὁμοίως δὲ καὶ ταύτην μεταστᾶσαν ἐξ ἀνθρώπων τυχεῖν ἀθανάτων τιμῶν καὶ ταφῆναι κατὰ τὴν Μέμφιν, ὅπου δείκνυται μέχρι τοῦ νῦν ὁ σηκός, ὑπάρχων ἐν τῷ τεμένει τοῦ Ἡφαίστου. ἔνιοι δέ φασιν οὐκ ἐν Μέμφει κεῖσθαι τὰ σώματα τούτων τῶν θεῶν, ἀλλ' ἐπὶ τῶν ὅρων τῆς Αἰθιοπίας καὶ τῆς Αἰγύπτου κατὰ τὴν ἐν τῷ Νείλῳ νῆσον, κειμένην μὲν πρὸς ταῖς καλουμέναις Φίλαις,"

1.25.2-6[6]. Sy vertel hoe filosofie en towerkunste in diens

---

6)

Φασὶ δ' Αἰγύπτιοι τὴν Ἶσιν φαρμάκων τε
πολλῶν πρὸς ὑγίειαν εὑρέτιν γεγονέναι καὶ τῆς
ἰατρικῆς ἐπιστήμης μεγάλην ἔχειν ἐμπειρίαν·
3 διὸ καὶ τυχοῦσαν τῆς ἀθανασίας ἐπὶ ταῖς θερα-
πείαις τῶν ἀνθρώπων μάλιστα χαίρειν, καὶ κατὰ
τοὺς ὕπνους τοῖς ἀξιοῦσι διδόναι βοηθήματα,
φανερῶς ἐπιδεικνυμένην τήν τε ἰδίαν ἐπιφάνειαν
καὶ τὸ πρὸς τοὺς δεομένους τῶν ἀνθρώπων
4 εὐεργετικόν. ἀποδείξεις δὲ τούτων φασὶ φέρειν
ἑαυτοὺς οὐ μυθολογίας ὁμοίως τοῖς Ἕλλησιν,
ἀλλὰ πράξεις ἐναργεῖς· πᾶσαν γὰρ σχεδὸν τὴν
οἰκουμένην μαρτυρεῖν ἑαυτοῖς, εἰς τὰς ταύτης
τιμὰς φιλοτιμουμένην διὰ τὴν ἐν ταῖς θεραπείαις
5 ἐπιφάνειαν. κατὰ γὰρ τοὺς ὕπνους ἐφιστα-
μένην διδόναι τοῖς κάμνουσι βοηθήματα πρὸς τὰς
νόσους, καὶ τοὺς ὑπακούσαντας αὐτῇ παραδόξως
ὑγιάζεσθαι· καὶ πολλοὺς μὲν ὑπὸ τῶν ἰατρῶν
διὰ τὴν δυσκολίαν τοῦ νοσήματος ἀπελπισ-
θέντας ὑπὸ ταύτης σώζεσθαι, συχνοὺς δὲ παντε-
λῶς πηρωθέντας τὰς ὁράσεις ἤ τινα τῶν ἄλλων
μερῶν τοῦ σώματος, ὅταν πρὸς ταύτην τὴν θεὸν
καταφύγωσιν, εἰς τὴν προϋπάρξασαν ἀποκαθί-
6 στασθαι τάξιν. εὑρεῖν δ' αὐτὴν καὶ τὸ τῆς
ἀθανασίας φάρμακον, δι' οὗ τὸν υἱὸν Ὧρον, ὑπὸ
τῶν Τιτάνων ἐπιβουλευθέντα καὶ νεκρὸν εὑρε-
θέντα καθ' ὕδατος, μὴ μόνον ἀναστῆσαι, δοῦσαν "

van die siel aangewend kan word, net soos wat medisyne die siektes van die liggaam kan genees (Diod. 1.25.7). Die ewige lewe en sielerus wat sy kan bewerkstellig, was dié kenmerk van Isis wat waarskynlik veroorsaak het dat haar godsdiens vir meer as vier eeue in Rome, midde in die Christendom kon voortduur.

"At her hands the maimed are healed and the blind receive their sight. Her name has magical virtue and power, for she is sorceress, apothecary and physician" (Witt, 1971, p. 189).

Isis word geteken as liefdevolle en getroue eggenote. Alhoewel Isis ook die suster van Osiris was, is sy deur Plutarchus pertinent as sy vrou geteken. Isis kon die verlies van haar man nie aanvaar nie. Selfs toe sy gehoor het van sy ontrou teenoor haar, het sy die kind, Anubis - die vrug van sy owerspel - geneem en opgevoed. Hierin sien 'n mens duidelik haar selfveragtende en vergewende liefde vir haar eggenoot.[7]

Vroue het geglo dat Isis, net soos Hather en Aphrodite-Venus, die twee geslagte saamgevoeg het in liefde en 'n ewigdurende verbintenis gedurende hul lewe op aarde. In die hoedanigheid het sy huwelikskontrakte gereël en bekragtig. Sy was 'n kampvegter vir vroueregte. Sy het aan die vrou gelyke regte ten opsigte van die man gegee. Dio Cassius het in later jare geskrywe van die Egiptenare wat slawe van 'n vrou i.p.v. 'n man was (Dio Cassius 50.24.7). Getrou aan haar taak as vrugbaar-

---

7) Alhoewel Isis later geïdentifiseer is met Hathor, die godin van seksuele liefde in Egipte, (Plut. Iside et Osiride 64; Meyer, 1972, p. 238; Roscher, 1965, p. 494; James, 1959, pp. 172,175,266) en nog later met Aphodite, (Roscher, 1965, pp. 494-498) het sy, in teenstelling met die godinne, seksuele liefde in sy volle omvang slegs in die huwelik voorgestaan (James, 1959, p. 174; Witt, 1971, p. 41).

heidsgodin het sy die beskermgodin van verwagtende vroue geword. (Roscher, 1965, p. 501.) Dat Isis met die godin Bastet geassosieer is, is 'n verdere bewys van haar rol as godin van moederskap. Sy het dit so beskik dat vrouens hulle babas in die tiende maand van hulle swangerskap gebaar het. (Oxy. 11. 1380.39,98.) Sy is dikwels afgebeeld met die "ankh" (die simbool van lewe) in haar regterhand en 'n staf in haar linkerhand.

Herodotus wat 'n tydlank in Egipte gewoon het, het beweer dat die Egiptiese Isis niemand anders was as die Hellenistiese Demeter nie en daarom dus hoofsaaklik 'n vrugbaarheidsgodin (Herodotus, Historiae 2.59). Vanaf die vroegste tye is sy beskou as iemand wat lewe kon gee. Sy het aan Osiris die lewe gegee en na sy dood is Horus in haar skoot gegenereer.

Gedurende die tyd van die "Nuwe Koninkryk" was Isis se rol as moeder nog nie so belangrik nie, want vantevore was moederskap 'n funksie van alle godinne, soos Hather, die koeigodin, Nut en Neith, die godin van Sais. Later is sy as personifikasie van moedereienskappe beskou; "Sy wat groen dinge geskape het"; "Vrou van Oorvloed" en "Godin van die Oes" (James, 1966, p. 267).

In haar assosiasie met Hathor is sy later al hoe meer as 'n koei voorgestel óf as 'n vrou met die kop van 'n koei óf met 'n kapsel wat met die horings van 'n koei versier is.[8] (Diod. Sic. 1.24.8). (Oxyrhynchus 1380.119.120,155,156,157). Volgens Diodorus het hulle die horings op haar kop geplaas, omdat dit dan sou lyk soos die halwe maan en omdat die Egiptenare 'n koei as heilig beskou het (Diod. Sic. 1.11.4 en Plut. De Iside et Osiride 39).

---

8) Roscher, 1965, p. 363 en Budge, 1968, pp. 200+202.

Koningin Cleopatra het haarself "Isis" of die "Maan" genoem (Witt, 1971, p. 19). Apuleius noem haar (Apul. Metam. 11.7. 18-19[9]) meesteres van die heelal. Later is Isis algemeen voorgestel saam met Horus, die kind (Harpocrates) (James, 1959, p. 266).

Dit is nie bekend wanneer die naam Horus aan die kind gegee is nie, maar dit is waarskynlik te wyte aan die feit dat die naam dieselfde was as dié van die noordelike Horus. Soos vroeër vermeld, was elke Farao 'n verpersoonliking van Horus en daarom was Isis die moeder van die koning. Tien myl noord van Busiris, 'n belangrike plek vir Isisaanbidding, lê Bahbit el-Higara. Hier is Isis op groot skaal vereer. Die tempel wat hier in die vierde eeu v.C. gebou is, bevat toewydinge aan "Die groot Isis, moeder van die god" (Witt, 1971, p. 18). Sy was sag, liefdevol en vriendelik en 'n voorstander van die waarheid (Oxy.11.1380.12,63). Telkemale word sy geskets as 'n pragtige jong vrou (Oxy.11.1380.85,90,54,100 en 59). Augustinus maak melding van 'n geleentheid dat sy in 'n vriendelike bui was (Aug. De Civit. Dei 8.26[10]).

Haar mooi, vroulike karaktertrekke word in die volgende aanhaling goed opgesom: "Her emotions were very human ones - love, loyalty, sorrow, compassion - and it was her human qualities with which the ordinary man could identify and which caused her widespread popularity" (Heyob, 1975, p. 44[11]).

Baie skrywers aanvaar dat die Mariaverering van die Rooms-Katolieke Kerk 'n uitvloeisel is van die Isisgodsdiens waar sy, as moeder, die kind Horus aan haar bors vashou.[12]

---

9) "matrem siderum, parentem temporum orbisque totius dominam".
10) "Isim vero Osiris quam multa bona praestare propitiam."
11) Vgl. Oxyrhynchus 11.1380.
12) Bell, 1957, p. 15; Chambers's Encyclopaedia, Vol. 5, p. 35; Cary, 1951, p. 343; De Grote Winkler Prins, deel 2, p. 182; Der Grösse Brockhaus deel 5, p. 744; James, 1966, p. 266; Oosthoek Encyclopaedia, deel 8, p. 786; Zielinsky, p. 121.

Een van die grootste standaard ensiklopedieë oor klassieke mitologie behandel "Isis mit Jungfrau Maria identificiert" breedvoerig (Roscher, 1965, pp. 429-432) V. Wessetzky skryf in 1969 in Budapest in die Bibliotheca Orientalis oor Jan Bergman se "Ich bin Isis" waarin Isis ook beskrywe word as moeder-godin (Bibliotheca Orientalis, Vol. 27, p. 207).

Dit is ten slotte opmerklik dat sy as dié groot moedergodin vereer is, maar in die Osirislied "Die groot maagd", genoem in (Plut. Iside et Osiride, p. 284).

Verskillende skrywers het deur die eeue vergelykings tussen Isis en Demeter getref, of hulle met mekaar geassosieer (Plut. Iside et Osiride 65). Leo van Pella het reeds in die vierde eeu v.C. 'n vergelyking probeer maak (Witt, 1971, p. 16). Nog later het Diodorus opgemerk dat Isis van al die godinne die naaste aan Demeter is (Diod. Sic. 1.13.5).

Die gemeenskaplike eienskappe is duidelik kenbaar. Albei was godinne van die graan en het die mens van sy daaglikse brood voorsien. Albei was beskermgodinne van die ontslapenes. Albei het 'n swaar verlies gely en het ver gereis op soek na 'n geliefde. Albei godinne het verdriet geken. Selfs wanneer Isis uitgebeeld is deur beeldhouers as iemand wat liefde en vreugde voorstaan, het sy meesal 'n sistrum, wat rou gesimboliseer het in haar hand vasgehou (Lucanus, de Bello Civili, 8.832[13]). Isis is nie net met Demeter geassosieer nie, maar soos reeds genoem, ook met Aphrodite, die godin van liefde. Waar Isis-Aphrodite lentevreugde en nuwe lewe uitgebeeld het, het Isis-Demeter herfs, winter en dood versinnebeeld. Eudoxius het

---

13) "Nos in templa tuam Romana recepimus Isim semideosque canes et sistra iubentia luctus Et, quem tu plangens hominem testaris, Osirim."

egter die verskil opgemerk, nl. dat Demeter haar nie met die hart en gees van die mens bemoei het nie, waar Isis, net soos Aphrodite en haar seun Eros, dit wel gedoen het (Oxyrhynchus 11.1380.109,28,94,137). Isis is ook deur vele aanbid as Isis-Pelagia. W.H. Roscher het 'n uitgebreide dissertasie oor Isis as godin van die seevaart geskryf. Eeue lank is feeste gehou wanneer die seevaart in die lente oopgestel is.[14] Sy het waggehou oor matrose en hulle lotgevalle. Daar is van haar gesê: "when she was taken across the Great Green (as the Egyptians called the waters of the great Mediterranean) she acquired other attributes as Isis Pelagia" (Roscher, 1965, pp. 474-490[15]).

Idris Bell beweer tereg: "It is idle to look for logical consistency in the bewildering kaleidoscope of ancient paganism in which gods mingle with one another continually, yet somehow keep their identity. Isis, one of whose cult titles was poluônumos, 'she of the many names' is a conspicuous example of such mingling" (Bell, 1957, p. 16). Daar was 'n gedurige sinkretisme waarin gode vermeng en met mekaar geïdentifiseer is. Isis, met haar beskrywende naam - "Die godin met die baie name" - is 'n duidelike voorbeeld van 'n godin wat met alle ander gode geïdentifiseer word.

Behalwe die reeds genoemde eienskappe het Isis die belangrike rol van roubeklaagster vervul. Dit was sy veral saam met haar suster, Nepththys. Die twee godinne is dikwels uitgebeeld op 'n doodskis (Chambers's Encyclopaedia, p. 762). Volgens die Piramidetekste is dit duidelik dat Isis en haar suster, Nephthys, saam met hulle ander broers en susters, telkens die seremonies in verband met die opwekking van Osiris uitgevoer

---

14) Sien 4.3.2.6.2.

15) Vgl. Oxyrhynchus Papyri 11.1380.61,69,15,74,121,122,123.

het. Die seremonies hou 'n uitvoerige vertoon van hartseer en verdriet in en dit kom voor in die volgende drie Ptolemaïese tekste: "Die liedere van Isis en Nephthys", "Die Klaagsange van Isis en Nephthys" en die "Uurwake". Hierdie tekste was solo's of duette wat gesing-praat is en dit het deel uitgemaak van die opvoering wat die lyding van Osiris voorgestel het. Griffiths, 1970, p. 39, het hierdie liedere gevind in die Papyrus Bremner-Rhind (Bibliotheca Aegyptiaca 3). Die papirus waarop hierdie liedere gevind is, dateer uit die vierde eeu v.C. Uit 'n inskripsie van Ikhernofret blyk dit dat hierdie Osirusritus ten minste so oud is soos die "Middelkoninkryk". 'n Mens kan duidelik die toon van die treursange aanvoel in "Die Liedere". In haar eerste kort solo druk sy haar ontsettende verlies so uit: "Ek is u suster Isis, die

"Ek is u suster Isis, die begeerte van u hart,
Ek verlang na u liefde terwyl u ver weg is;
Ek oorvloei hierdie land (met trane?) vandag".[16]

In die tyd waar sy as roubeklaagster haar rol gespeel het, was Isis ondergeskik aan Osiris, wat belangrikheid en populariteit betref. Dit was in haar rol as liefdevolle, toegeneë eggenote, suster en moeder wat haar kind versorg, dat sy die verbeelding van haar aanhangers, en onder hulle veral vroue, aangegryp het (Sinnigen, 1977, p. 378).[17]

## 1.3 DIE ISIS- EN OSIRISLEGENDE

Plutarchus het in 118 of 119v.C. 'n verhandeling geskrywe, nl. "De Iside et Osiride". Daarin gee hy die mite van Isis en Osiris weer, alhoewel hy nuwe elemente bygevoeg en oues wegge-

---

16) Bibliotheca Aegyptiaca 3.

17) Oxyrhynchus Papiri 11.1380.126-7; Hadas, 1972, p. 132).

laat het. Die rolle wat die drie hoofgode speel, stem heeltemal ooreen met die sinspelings in die "Piramidetekste". Hy verhaal die geboorte van Osiris, Aroveris (die ouer Horus). Typhon, Isis en Nephthys.

Hulle moeder was Rhea en hulle vader was een van haar drie eggenote, Helius, Hermes of Cronus. Nephthys en Typhon is met mekaar getroud en Plutarchus het geskrywe dat Isis en Osiris mekaar so liefgehad het dat hulle reeds voor hulle geboorte in hulle moeder se skoot verenig was (Plutarchus De Iside et Osiride 12.10).

Volgens Egiptiese bronne het Osiris aan sy einde gekom deur te verdrink. Volgens die Griekse tradisie het Typhon hom doodgeslaan, sy liggaam in 26 stukke gekap en aan die bende wat saam met hom was elkeen 'n stuk gegee (Diod. 1.21.2[18]). In haar droewe omswerwinge, op soek na die kis, het Isis uitgevind dat Osiris gemeenskap gehad het met Nepthys en dat Anubis uit hierdie verbintenis gebore is. Anubis word beskou as die waghond van die gode. Hy het Isis getrou gehelp in haar soektog na die liggaam van Osiris (Plutarchus. Iside et Osiride 14.9-12). Sy het uitgevind dat die kis in Byblos teen 'n boom uitgespoel het. Onbewus van die feit dat die boomstomp die kis toegegroei het, het die koning van Byblos die groot stomp afgekap, na sy paleis vervoer en as 'n pilaar gebruik om die dak te ondersteun. Isis het na Byblos vertrek en probeer om die vertroue van die koning se diensmeisies te wen. Sodoende het

---

18) "φασὶ γὰρ νομίμως βασιλεύοντα τῆς Αἰγύπτου τὸν Ὄσιριν ὑπὸ Τυφῶνος ἀναιρεθῆναι τἀδελφοῦ, βιαίου καὶ ἀσεβοῦς ὄντος· ὃν διελόντα τὸ σῶμα τοῦ φονευθέντος εἰς ἓξ καὶ εἴκοσι μέρη δοῦναι τῶν συνεπιθεμένων ἑκάστῳ μερίδα, βουλόμενον πάντας μετασχεῖν τοῦ μύσους, καὶ διὰ τούτου[1] νομίζοντα συναγωνιστὰς ἕξειν καὶ φύλακας τῆς βασιλείας
3 βεβαίους."

sy toegang tot die paleis verkry en 'n oppaster vir die koning se kind geword (Plutarchus. De Iside et Osiride 15). Snags het Isis haarself in 'n swaeltjie verander en haar droefheid bekend gemaak deur met luide klaagsange rondom die pilaar te vlieg. Nadat die koningin haar daar gevind het, moes Isis haarself, asook die rede vir haar sending, bekendmaak.

Nadat sy die kis ontvang en die hout aan die koning gegee het, het sy haar in diepe verdriet op die kis gewerp. By die aanhoor van haar geklaag het die jonger seun van die koning gesterf. Isis het die kis met die liggaam van Osiris in die boot geplaas en weggevoer. Die ouer seun van die koning het haar vergesel. Op 'n afgesonderde plek het sy die kis oopgemaak, die liggaam van Osiris geliefkoos en geween (Plut. Iside et Osiride, 17). Hierna het sy haar seun, Horus, wat in Buto grootgemaak is, besoek. Horus was 'n vroeggebore baba uit die nadoodse gemeenskap van Isis en Osiris en was swak in sy onderste ledemate. Plutarchus beweer dat die Egiptenare hom die "ouere Horus" genoem het, maar onder die Grieke het hy as "Apollo" (Plut. De Iside et Osiride 12) bekend gestaan. Volgens Diodorus (Diod. Sic. 1.21.2) het Isis egter, nadat sy van Osiris se dood te hore gekom het, en dat haar man se lyk in 26 stukke gekap en oor die aarde verstrooi is, 'n papirusboot geneem en bedroef deur die moerasse geseil op soek na die ledemate van haar geliefde Osiris. Die rede waarom daar soveel graftombes in Egipte bestaan, is volgens Plutarchus, so omdat daar op elke plek waar 'n ledemaat gevind is, 'n graftombe opgerig is. Volgens die legendes het Osiris later uit die onderwêreld gekom en Horus laat oefen vir 'n stryd teen Typhon. In die stryd wat baie dae lank geduur het, het Horus uitgetree as die oorwinnaar (Plut. De Iside, Osiride 19). Hierdie legende is waarskynlik tussen 40v.C. en 120n.C. geskrywe. Dit is in elk geval 2 500 jaar na die Piramidetekste geskryf. Ons het hier geen definitiewe bewyse van hoe die oorspronklike legende gelui het nie. Die groot ooreenkoms is egter dat Osiris 'n skielike dood gesterf het en dat sy twee susters, Isis en Nephthys, hom beween het en dat hy deur Isis uit die dood opge-

wek is. Osiris word die heerser oor die doderyk onder die aarde.

Die beeld van die troon wat aan die begin genoem is, is van groot betekenis. Isis, as die "troon", oefen deurgaans 'n saambindende invloed uit. Die troon van die Farao's was ewigdurend, soos die Nyl. Die Nyl het in Egipte "lewe" beteken. 'n Roemryke beskawing het eeue lank voortbestaan a.g.v. die jaarlikse oorstroming van die rivier. Dit is algemeen aanvaar dat, wanneer Isis oor Osiris getreur het, die vlak van die water in die Nyl gestyg het vanweë die trane wat sy gestort het (Oxyrhynchus 11.1380.125,126).

Die rivier wat oënskynlik dood was, is net soos Osiris weer gebore as die lewende water (Witt, 1971, p. 15 soos aangehaal uit die Piramidetekste). Net soos wat Osiris met die Nyl vereenselwig is, is Isis vereenselwig met die aarde wat vrugbaar gemaak is deur oorvloedige water. Horus het hieruit tot stand gekom om die hele land te vernuwe. Hy het Farao geword wat in beheer van alles gestaan het. Dwarsdeur die 4 000 jaar van die geskiedenis van Egipte was elke Farao 'n verpersoonliking van Horus, die seun van Isis. Met sy dood het die Farao, soos die Nyl, vervloei en daarvandaan weer, as Osiris, die onderwêreld regeer (Nock, Vol. 1, 1972, p. 209).

## 1.4 ISIS EN SARAPIS

Isis en Osiris was reeds in hulle moeder Rhea se skoot één, en hulle is in die Egiptiese godsdiens nie van mekaar los te maak nie (Plut. De Iside et Osiride 12). Om te verduidelik waar Sarapis vandaan kom, is dit op hierdie stadium noodsaaklik om iets te sê oor die agtergrondgeskiedenis van Egipte. Sedert die ontstaan van Egipte het die bevolking van die Nyl uit rasse bestaan wat sowel Hamitiese as Semitiese elemente bevat het (Bell, 1957, p. 3). As gevolg van invalle uit Palestina, van die Hyksos en invalle uit Libië en Ethiopië, het daar steeds meer vreemde rasse kom woon. Joodse handelsreisigers het in

Egipte in Elephantine gewoon en is ná die Persiese oorwinning gebruik om die suidelike grense van die land te verdedig (Fraser, 1972, p. 252).

Toe Alexander die Grote na Memphis gekom het, het hy aan apis, die bul, geoffer en is hy geloof as die nuwe Farao. Hy het die beroemde stad, Alexandrië, aan die kus van Noord-Afrika gestig. Dit was 'n kommersiële, sowel as godsdienstige, sentrum waar daar tempels vir sy Griekse gode en ook tempels vir Isis en Osiris gebou is. Na Alexander se dood het 'n Griek met dieselfde idees as sy voorganger, Farao geword. Die eerste Ptolemaeus, seun van die Macedoniese Lagus, het 'n diepe belangstelling in godsdiens getoon. In sy pragtige museum en biblioteek "flourished all those liberal arts and sciences which had been so keenly studied in the various centres of Greece and over which Egypt traditionally presided" (Witt, 1971, p. 49, Nock I, 1972, p. 215).

Daar is reeds aangedui dat Isis en Osiris een was - onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Nou word skielik gepraat van Isis en Sarapis. Was Sarapis van Egiptiese oorsprong of is hy ingevoer van Sinope of Seleucia of miskien nog van Babilon? Is sy naam afkomstig van die Egiptiese god, Osiris-Apis, of van die Chaldeïese godheid, Sar-Apsi? Fraser behandel hierdie probleem (Fraser, 1972, pp. 260-276).

Wat ook al die oplossing is, die feit bly staan dat Sarapis en Osiris vanaf die begin met mekaar geïdentifiseer is (Plutarchus. De Iside et Osiride 43) "Want de Serapis, die in de grote tempel van Alexandrië word vereerd, was niet anders dan een combinatie van die rumruchtige god Osiris met de niet minder bekende stiergod Apis (De Lepper, 1950, p. 173). Sarapis of Osiris was die god wat oor die dooies regeer het en hulle onsterflikheid met hulle gedeel het (Cumont, 1956, p. 74).

Fraser beweer dat die Ptolemiërs daarna gestrewe het om hulle voor te doen as ondersteuners en handhawers van die Griekse beskawing. Griekse setlaars het as soldate na Egipte gekom en ook as staatsamptenare (Fraser, 1972, p. 273).

Nadat daar 'n politieke eenheid tot stand gekom het, sou dit wenslik wees om ook eenheid in die godsdiens te verkry. Dit het gebeur, want Bell sê die volgende:

"It was not long before out of this jumble of very different cults, some degree of unity was evolved. The process was helped by the pagan readiness to identify one god with another" (Bell, 1957, p. 15).

Dit was dus nie die strewe van die Ptolemiërs om net maar weer 'n god by al die ander Egiptiese gode te voeg nie. Dit sou 'n slim politieke set wees om 'n gehelleniseerde Egiptiese godsdiens in Alexandrië in te stel. Die legende bestaan dat Ptolemeus I 'n visioen gehad het van 'n kolossale beeld. In die visioen is hy beveel om dit na Alexandrië te bring. Tacitus (Historiae 4.83 + 84) het gereken dat die mees populêre verhaal aangaande die oorsprong van die god dié een is waar die beeld van Pluto in Sinope was. Andere, meen weer dat hy van Seleucia kom in die tyd van Ptolemeus III Euergetes (Tacitus, Historiae 4.84). Daar is heelwat skrywers wat meen dat hy van Memphis afkomstig is. Vir die teorie van die Memphis-oorsprong is dit belangrik om Morenz (1960, p. 143) en Fraser (Vol. 1, 1972, pp. 246 247) te bestudeer. Daarvolgens word deur die meeste kenners aanvaar dat Sarapis van Egiptiese oorsprong was. Sy naam en karakter is van Osiris-Apis (Osor-Hapi), die vergoddelikte bul of bulle van Memphis, verkry.

Voorstanders van die teorie meen dat, as Ptolemeus wel die stigter van die godsdiens was, hy besef het dat 'n god in die vorm van 'n bul nie aanvaarbaar sou wees vir die Grieke nie en dat hy daarom, volgens oorlewering, 'n beroemde Atheense beeldhouer gevra het om 'n beeld te maak van 'n god in menslike gedaante. Plutarchus meld ook in sy "Iside et Osiride" dat Manetho,

ŉ briljante priester van Heliopolis, en Timotheus, van Eleusis, saam ŉ soort godsdiens moes bedink wat ŉ kombinasie sou vorm van die ou Egiptiese geloof en die Griekse misteries (Plutarchus. De Iside et Osiride 28).

Daar bestaan teenstrydighede oor die waarhede van sekere aspekte van die Ptolemeïse oorsprongteorie. Teenstanders van hierdie idee was W. Schubart, (1918, p. 339) en sy leerling, Dr. Elizabeth Visser (1938, p. 21). Hulle het die vraag geopper of die Griekse bevolking in Egipte werklik ŉ eenvormige god nodig gehad het om hulle godsdiens met die Egiptiese godsdiens te vermeng. Hulle het aangedui dat daar reeds so ŉ vermenging bestaan het. Visser het verder getoon dat die hofdigters min aandag gegee het aan Sarapis. ŉ Mens sou die teenoorgestelde verwag het as Ptolemeus werklik dié god onder sy mense se aandag wou bring.

P.T. Fraser het in ŉ onlangse studie (1972, Vol. 1, p. 248) daarop gewys dat letterkundige bewyse en papyri daarop dui dat Sarapis meer in die derde eeu v.C. vereer is, in Alexandrië en veral deur die Grieke. Gwyn Griffiths het hierdie standpunt gesteun en sy verwondering daaroor uitgespreek dat die keuse eerder uit die Egiptiese as uit die Griekse Pantheon gemaak is. Ook was hy verbaas dat ŉ god wat gedeeltelik diervormig van oorsprong was, eerder aanvaarbaar was, as die antropomorfiese Isis of Osiris.

ŉ Moontlike antwoord hiervoor lê in die teorie opgesluit dat Ptolemeus I die godsdiens wou daarstel vir Grieke wat in Egipte gewoon het en vir gehelleniseerde Egiptenare en nie vir die plaaslike bevolking nie. Sy doel sou dan wees om aan die Grieke, veral dié wat in Alexandrië woonagtig was, die goddelike beskermer te voorsien wat hulle nie gehad het nie (Diod. Sic. 1.24.5-25.1.2).

Vidman (1970, p. 24) beweer dat daar grondige bewyse bestaan vir die teorie dat Alexander die Grote al bekend was met Sarapis en daarom ook met Isis. Ons is dus nie seker of die teorie van

die Ptolemeïse oorsprong of die een waarin die oorsprong in die tyd van Alexander die Grote voorgestaan word, die korrekte een is nie. Wat wel duidelik is, is dat Isis saam met Sarapis reeds bestaan het voor die einde van die vierde eeu v.C.

## SAMEVATTING

Die Isisgodsdiens het ontstaan as 'n tipiese natuurgodsdiens. Isis was dus oorspronklik 'n natuurgodin wat verantwoordelik was vir die vrugbaarheid van die land. Haar verskillende vrugbaarheidseienskappe het dan ook daartoe gelei dat Grieke haar later met 'n paar van hulle eie vrugbaarheidsgodinne geïdentifiseer het.

Haar vereerders het egter in haar meer gesien as net 'n vrugbaarheidsgodin. Hulle het haar meer beskou as iemand wat ten nouste betrokke is by die dood en opstanding in die natuur, van elke herfs en lente. Dit het aan haar kultus 'n tragies-dramatiese aspek verleen. Haar trane oor die dood van Osiris het die Nyl laat oorstroom en so weer lewe en vrugbaarheid gegee. Dit het sodoende ook die voortbestaan van Egipte verseker.

Tot op hierdie punt van ontwikkeling kon sy baie goed vergelyk word met verskeie Griekse of Oosterse godinne. Daar was voortgang in die ontwikkeling van haar kultus, omdat dit ook aan die staatsgodsdiens verbind is, nl. die vergoddeliking van Farao wat die verpersoonliking van Horus was. Daardeur het dit vir die staat voordelig geword om die godsdiens in stand te hou en te propageer. As dit egter al was, sou dit slegs as 'n tipies Egiptiese godsdiens binne die grense van Egipte kon bly voortbestaan het.

Die eintlike krag van hierdie godsdiens het daarin gelê dat dit kon ontwikkel het om die mens in sy totaliteit aan te spreek. Sy het nie net vrugbaarheid gegee wat voorspoed beteken het nie, maar het met die mens simpatie gehad en saam met hom in al sy leed gely. Of dit nou 'n vrou in barensnood is of iemand wat 'n dierbare deur die dood verloor het - hulle kon hulle met haar identifiseer. Sy het ook so gely en kon hulle leed begryp. Sy is nie deur haar leed verblind nie - sy het vorentoe gekyk: daar word 'n nuwe lewe uit die dood gebore en haar volgelinge kon ook vorentoe kyk, want daar is hoop. Selfs by hulle eie dood is daar die verwagting op 'n hiernamaals.

# HOOFSTUK 2

# DIE VERBREIDING VAN DIE ISISGODSDIENS IN DIE HELLENISTIESE WÊRELD

2.1 Die Isisgodsdiens kry sy beslag in die Hellenistiese wêreld. Die godsdiens van Isis en Sarapis het in die derde eeu v.C. algemeen voorgekom aan die kuste van die Griekse vasteland, die Griekse eilande en Klein-Asië. "It has been said that the Egyptian theology always remained in a fluid state or better in a state of chaos. It consisted of an amalgamation of disparate legends." (Cumont, 1956, p. 87.)

Dit is daarom nie vreemd dat Isis - die godin met die baie name - deur verskillende aanbidders met verskillende godinne geassosieer is nie. In die "Metamorphoses" stel sy haarself soos volg bekend: "Ek is die moeder van die heelal, die meesteres van al die elemente... my goddelikheid word oor die hele wêreld in verskillende vorme, met verskillende rites, en met verskillende name aanbid."

So noem die Phrigiërs, oudste van alle rasse, my Pessinuntia (Kybele), moeder van die gode; so die Atheners........Minerva; en die inwoners van Cyprus noem my Venus; dié van Kreta, Diana Dictynna, en die Sisiliërs, Proserpina. Vir die Eleusiërs is ek Ceres, vir andere Juno, vir andere Bellona, Hecate en Rhamusia...... en die Egiptenare wat die godsdiens oorspronklik beoefen het, eer my met besondere rites en gee my my ware naam, nl. koningin Isis (Apuleius, Metamorphoses 11 5. 269.270).

## 2.1.1 Delos

'n Priester met die gehelleniseerde naam van Apolonius het van Egipte gekom en die Isiskultus in Delos gegrondves (Vidman, 1970, pp. 36, 37).

Hy het 'n beeldjie van die god, Sarapis, uit Egipte saamgebring wat hy vir 'n lang tyd in die geheim aanbid het in 'n gehuurde kamer in Delos.

Later het Apolonius II 'n tempel vir Sarapis gebou. Een van die pilare is spesiaal aan Sarapis gewy. Hierop is die geskiedenis van die tempel in 94 horisontale reëls ingegraveer. Dit was een groot lofuiting aan Isis en Sarapis (Engelman, 1975, p. 2). Dit was egter nie net mense afkomstig uit Egipte wat die godsdiens beoefen het nie.

Cumont beweer dat priesterlike funksies meesal vervul is deur burgers uit die Atheense aristokrasie (Cumont, 1956, p. 80). Grieke uit Magna Graecia, inwoners van Italië wat nog nie Romeinse burgerskap verkry het nie, en Italiaanse "negotiatores" wat hulle in Delos gevestig het, het ook met die Isisgodsdiens vertroud geraak. Vanaf 166-188v.C. het die name van 150 Italianers verskyn wat in Delos aanhangers van Isis was (Heyob, 1975, p. 10). Onder die Italianers moes noodwendig slawe gewees het, soos blyk uit die name. Die slawe was dikwels van Oosterse afkoms en het daarom makliker aanklank gevind by die Oosterse godsdienste.

### 2.1.2 Kreta

Osiris-Apis, bekend as Sarapis, is saam met Isis in Kreta aanbid (Willets, sd, p. 292). Sarapis en Isis was die belangrikste gode wat in 'n tempel in Gortyna, gewy aan die Egiptiese godsdiens, aanbid is.

Verskillende skrywers beweer dat Osiris met Dionysus en Isis met Demeter geïdentifiseer is, lank voor die tyd van Herodotus. Daar word gemeen dat die assimilasie nie maar onwillekeurig was nie, maar dat Isis en Osiris na Kreta en Attica gekom het gedurende 'n prehistoriese periode en verkeerdelik deur die inwoners van die streke beskou is as Dionysus en Demeter (Witt

1971, p. 67[1])

Verskillende Egiptiese en ander Oosterse godsdienste was aan die Grieke bekend, maar behalwe Zeus Ammon was Osiris, (Sarapis) Isis, Harpokrates en Anubis die enigste vreemde gode wat in die Hellenistiese wêreld aanvaar is (Cumont, 1956, p. 77[2])).

2.1.3 Athene

Ptolemeus Soter het die godsdiens van Isis en Sarapis na Athene oorgedra en daar is 'n tempel aan die voet van die Akropolis gebou. Nadat Delos sy onafhanklikheid aan Athene prysgegee het, is Athene sterk deur die opbloeiende godsdiens beïnvloed. Vidman dui aan dat dit uit inskripsies, duidelik is dat die godsdiens vanaf ten minste 215v.C. bekend was in Athene, al was dit nie voor 200v.C. offisieel erken nie. Dit is aangetoon in 'n inskripsie waarop dit duidelik is dat die priester en nog 'n ampsdraer wie se name genoem word Atheense burgers was (Vidman, 1970, p. 38).

2.1.4 Ander eilande en stede in Griekeland en Klein Asië

Verskillende geleerdes het verskillende teorieë geponeer oor die verspreiding van die Isiskultus na ander Griekse stede, soos Boeotia, Phocis, die Peloppponnesus, Euboea, Epirus, Thessalië, Thracië, Macedonië, na Rhodos en die eilande van die Egeïese see en na stede van Klein-Asië. Heyob haal Roussel, P. en Fraser, P.M. se beskouinge aan (Heyob, 1975, p. 8[3])).

1) Vgl. James, 1966, pp.89,90. Guépin, 1968, pp.252,253, Cumont, 1956, p.77
2) Vgl. Guepin, 1968, p. 257ff.
3) Vgl. Hoofstuk 1. 1.4.

## 2.2 INSKRIPSIES EN NAME VIR ISIS, GEBRUIK IN DIE BEKENDE WÊRELD VAN HAAR TYD

Volgens die Oxyrhynchus Papiri was die aanbidding van Isis 'n wêreldgodsdiens. Hierdie papiri, gedateer uit die vroeëre tweede eeu v.C. wat in 1903 ontdek is, bevat 'n lang lys van plekke waar Isis onder verskillende name aanbid is (Oxryrhynchus Papyri 11, 1380).

## 2.3 OUDSTE GETUIENIS VAN DIE ISISGODSDIENS IN DIE WESTELIKE MIDDELLANDSE SEEGEBIED

Na die verval van Delos en ná die Mithridatiese oorloë het Egiptiese en Siriese koopliede en skeepseienaars die Middellandse See beheer. Nieteenstaande die feit dat dit Oosterse koopliede was wat die teenstand teen die godsdiens in die leër van konsul Caecilius Metellus veroorsaak het, bestaan daar 'n altaar uit Ton wat in die tempel van Marketender in die laer van bogenoemde konsul (Castra Caecilia, die huidige Carceris) gevind is (Vidman, 1970, p. 100). Die altaar is skynbaar van Alexandrynse herkoms en dit getuig van direkte Egiptiese invloed. Die oudste getuienis van die bestaan van die godsdiens in die Middellandse Seegebied dateer uit die jaar 79v.C., maar daar is, vreemd genoeg geen standaardpublikasie oor hierdie getuienis nie (Vidman, 1970, pp. 99, 100).

## 2.4 DIE ISISGODSDIENS SE VERBREIDING NA ITALIË EN ROME

Vanaf die oostelike Middellandse Seegebied het die sinkretistiese godsdiens van Isis in die derde eeu v.C. o.a. sy weg gebaan na Rome, via Sisilië. Vanaf Syracuse en Cantanië versprei dit na Pompeji en Puteoli (Cumont, 1956, p. 80).

Die Italianers van die Griekse Ooste het nie net die godsdiens in Delos leer ken nie, maar ook in ander sentra (Oxyrhynchus Pap. 11. 1380).

Hier is Italiaanse koopliede beïnvloed deur die ou Egiptiese godsdiens wat nog nie sy oorspronklike karakter verloor het nie en nog nie eintlik gehelleniseer is nie.

Geleerdes, soos J. Manganaro en A. Degrassi, het 'n intensiewe studie gemaak van die name van Isisvereerders op inskripsies in Italië en Thessalonika. Hulle het o.a. vasgestel dat daar, onder die name van vrygelatenes, die naam van 'n "Sacerdos Isidis Capitolinae" was wat die priesteramp reeds in 58v.C. beklee het (Vidman, 1970, p. 99). Dit was hoofsaaklik Italiaanse koopliede, hulle vrygelatenes en slawe wat die Isisgodsdiens in Italië verbrei het. Die een weg was dus via Griekeland, Sisilië en Magna Graecia na Rome. Die ander weg lei direk vanaf Egipte na Rome. Voor die Romeinse heerskappy was daar in Egipte geen Romeinse koopliede nie. Magtige skeepseienaars het later met die bloei van die Romeinse Ryk direk vanaf Ostia na Egipte gevaar en terug. Namate die handel floreer het, het vreemde gode se populariteit in Italië 'n hoogtepunt bereik.

In Ostia is 'n pragtige serapeum van Isis en Sarapis opgegrawe. Dit is die mooiste van sy soort, soos dié in Alexandrië gebou. (Witt, 1971, p. 70.) Verskeie skepe wat na Ostia en Puteoli gevaar het, het op hulle boë name gedra wat herinner aan Isis - beskermvrou van matrose en seevaart.

Daar was o.a. 'n skip - waarvan die agterstewe goud geverf is en wat die naam van Isis op albei kante van die boeg gedra het. 'n Gans - die heilige dier van Isis - is ook op die skip geverf. In Ostia is daar ook bewyse van 'n skip gevind met die name van Isis van Geminius daarop en van 'n driedekkerskip, Isis, wat in die Misseense vloot gevaar het (Lucanus. Navig 5).

Wat in Ostia gebeur het, het ook in ander kusdorpe gebeur. Die Isisgodsdiens het vinnig versprei na Pompeji, Herculaneum, Napels en Stabiae. Tran Tam Tinh, beweer dat daar heelwaarskyn-

lik 'n tempel van die Egiptiese gode aan die einde van die tweede eeu v.C. was. (Tran Tam Tinh, 1972, p. 28.) Malaise, 7, het in sy "Les conditions de penetration et de diffusion des cultes egyptiens en Italie", 'n onthullende uiteensetting gegee aangaande plekke waar Isis in Italië aanbid is (Heyob, 1975, p. 14). Omtrent al die plekke het 'n stedelike karakter gedra. In die suide van Italië, waar mense meestal vanuit die stede na die platteland gekom het, was daar min tekens van die Isisgodsdiens.

Soos reeds aangedui, was kusstede die mees populêre plekke vir die godsdiens. In die binneland het die meeste sentra van die godsdiens op die hoofroetes, of vertakkings daarvan, voorgekom. Isis se koms na Italië het nie plaasgevind met die doel om onder godsdienste uit te wis nie. Dit was 'n vreedsame intog soos in baie ander dele van die Grieks-Romeinse wêreld.

Die gevaar van sinkretisme was groot. Jupiter Optimus Maximus, Juno en Minerva het 'n belangrike rol gespeel in die lewe van die inwoners van 'n hawestad, soos bv. Ostia. Vulcanus, Mars en Neptunus het hulle mag behou. Vir die heidene, wat gewoond was aan 'n veelgodedom, het dit nie saak gemaak dat daar 'n godsdienstige samesmelting plaasgevind het tussen die ou Italiaanse godsdiens en die nuwe Oosterse misteriegodsdienste nie. Aan die einde van die eerste eeu v.C. het die inwoners van Ostia en Pompeji gewoond geraak daaraan dat vreemde godsdienste rustig langs mekaar gebloei het. Daar was in die eerste plek die Egeïse Magna Mater, Cybele van Phrigië, Attargatis van Sirië en Tanit van Carthago. Isis - godin met die baie name - kon met almal geïdentifiseer word en het uiteindelik die heerskappy oor al die ander verkry, selfs oor Sarapis.

Vanuit die klassieke tyd is daar geen opgrawings waar ons meer van die Romeinse Isis te wete kan kom as uit dié van Pompeji nie. Met die jongste opgrawings is veel meer aan die lig gebring. Omdat dit die bes bewaarde Isistempel in Italië is,

en omdat dit veel lig gewerp het op die seremonies van die Isisdiens in Rome, is dit noodsaaklik om 'n deeglike beskrywing van die tempel te gee. Die posisie van die tempel in die stad is van besondere betekenis. Dit is nie onbelangrik dat dit op die openbare plein naby die forum, die stoeiskool, die teaters en die tempel van Asclepius en Neptunus geleë is nie. Die tempel word betree vanuit die straat, Via d'Iside. Dat die straat na die tempel vernoem is, is 'n aanduiding van die aanspraak wat dit op die volkslewe gemaak het.

Na die verwoesting, as gevolg van 'n groot aardbewing in 63v.C., is die tempel herbou deur N. Pompidius Celsinus, wat as decurius verkies is toe hy slegs ses jaar oud was. Sy naam is op 'n wit marmersteen bokant die ingang aangebring. Rondom die tempel is geweldige hoë mure. Die mure moes waarskynlik verhoed dat nuuskierige toeskouers die geheime seremonies aanskou. Die Pompejiese Iseum is klein in vergelyking met 'n moderne Christelike kerk. Die tempel wat na die ooste kyk, staan op 'n hoë podium. Daar is 'n atrium met ses pilare, twee aan elke kant en vier aan die voorkant. In die "cella" is die heilige voorwerpe en instrumente van die Isispriesters bewaar. Aan weerskante van die "cella" is daar twee nisse waarin beelde van Isis en Sarapis geplaas is. Die hoofaltaar is langs die trappies geleë wat na die platform lei. Aan die noordekant is daar 'n tweede altaar. Agter die tempel is 'n kamer waar die ingewydes bymekaar gekom het. Aan die suidekant staan die priestervertrekke. In die voorste hoek is nog 'n klein tempeltjie waarvan daar 'n nou gangetjie lei na die waterhouer, waarin die heilige water van die Nyl vroeër bewaar is. Vandag het die tempel geen versierings of beelde nie.[4]

4) Vgl. Tran Tam Tinh, 1964, p. 26.

In verskillende privaat woonhuise, of "lararia", is daar muurskilderye waarvan die kleure vandag nog so helder is, dat dit duidelik is dat Isis daar vereer is. In die huis van Acceptus en Euhodia is 'n skildery van Isis-Fortuna op 'n witgepleisterde reghoek met rooi omlys. Isis het 'n blarekrans om haar kop; op haar voorkop is 'n lotusblom en haar donker hare hang op haar skouers.

In die bakkery is 'n tafereel waar Isis saam met Luna en Cupido verskyn. Voor die altaar wat met eiers en dennebolle versier is, lê slange. Aan die bokant van die nis is trosse druiwe aangebring. Die sistrum, die lotusblom en die ster van die Nyl is tekens van die godin se Egiptiese afkoms. (Tran Tam Tinh, 1964, p. 134.) Die horing van oorvloed en die trosse druiwe versinnebeeld haar ryk gawes aan die mensdom. Die slange is 'n teken van haar lewenskrag. Die maan dui aan dat sy 'n lig in 'n donker wêreld is. Sy is "Isis Pelagia" - aan die roer van 'n skip. Die aardbol is simbolies van haar almag oor die heelal (Apul. Metam. 11.5.269[5]).

Daar is ook ander versieringe in Pompeji wat privaat persone op hulle eiendomme laat aanbring het. 'n Ryk handelaar, P. Nigidius, was heelwaarskynlik die eienaar van die "huis van die Dioscuri". Dat hy Isis aanbid het, blyk duidelik uit die heiligdom wat hy vir die godin in sy tuin laat bou het.

Die inwoners van Pompeji het Isis beskou as Panthea - meesteres oor almal (Tran Tam Tinh, 1964, pp. 77, 83).

## SAMEVATTING

Isis - die godin met die baie name - het vanaf Egipte die Hellenistiese wêreld betree. Sy is deur vele volksgroepe waaronder

5) "rerum naturae parens, elementorum omnium domina, saeculorum progenies initialis".

verskeidenheid aanbidders, met verskillende name vereer en met verskillende godinne geassosieer. ŉ Studie van die Oxyrhynchus Papiri toon duidelik dat die Isisgodsdiens in die vroeë tweede eeu v.C. ŉ godsdiens was wat welbekend was in die stede en op die eilande van Griekeland en Klein-Asië. Italiaanse koopliede, hulle vrygelatenes en slawe het die godsdiens van Isis na Italië verbrei waarvandaan dit verder bekend geword het totdat dit in Rome sy beslag gekry het. Isis is egter nie net via die Hellenistiese wêreld na Rome gebring nie. Ryk handelaars het tydens die bloeitydperk van die handel tussen Rome en Egipte hierdie Oosterse godsdiens via die Romeinse Ryk se belangrikste hawestede, nl. Pompeji en Ostia, direk na Rome oorgedra.

Ek wil volstaan met ŉ insiggewende aanhaling wat nie net op Pompeji nie, maar op alle ander hawestede in Italië betrekking het.

"Isis gave them their daily bread. She offered them salvation in their spiritual darkness. She did not ruthlessly stamp out those gods who had dwelt in the land before her arrival. She did not make war on the Capitoline Triad. Hers was a peaceful infiltration of Pomepii, whatever may happen in Rome." (Witt, 1971, p. 84).

# HOOFSTUK 3

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE ISISGODSDIENS IN ROME

## 3.1 INLEIDING

Sekere sosiale en ekonomiese toestande in Rome het bygedra tot die ontwikkeling van die Isisgodsdiens in Rome.

Tydens die ontwikkeling van die Isis-verering na Rome, het die groot wêreldstad 'n geestelike, politieke en ekonomiese krisis ondervind. Die middelklas het vanweë herhaalde burgeroorloë byna heeltemal verdwyn. Huweliksontrou het ontstaan a.g.v. die feit dat burgers na ander lande moes gaan vir militêre diens en hulle gesinne in langdurige afwesigheid moes agterlaat. Landerye het verlate gestaan. Die weermag moes gevoed word en daar was geen boere meer wat die landerye kon bewerk nie. Goud en silwer het in omloop gekom. Die rykes het ryker geword en die armes, armer. Die rykes was verveeld van niksdoen en te veel plesier en die moraal het verlaag. As gevolg van die ontvolking van die platteland en die groot hoeveelheid slawe van ander lande het werkloosheid in Rome 'n ontstellende werklikheid geword. Die regering het geen harde arbeid aangemoedig nie en koring en olie is uitgedeel aan werkloses.

'n Gees van opstand en rewolusie het geheers onder ontevredenes wat nie meer die weelde en gemak van vroeër geken het nie. Die grootste deel van die bevolking was bedruk en verslae en het geen hoop in hulle hopelose toestand gehad vir die onmiddellike toekoms nie. Die natuur en die menslike verstand kon nie 'n antwoord op al hulle vrae verskaf nie. Daar was niks wat hulle meer magteloos as die beskikking van die

noodlot gemaak het nie. Hulle eie gode kon hulle paai. Hulle het 'n ontsettende behoefte gehad aan goddelike gesag. Hulle het bevrediging gesoek vir die hart en 'n hoop op 'n lewe hiernamaals.

Die Oosterse misteriegodsdienste het aan hulle hierdie bevrediging gegee.

"Of the religions competing in the Empire, those of Greece were philosophical, appealing primarily to the reason and intellect, that of Rome was wholly political; those from the Orient were most akin to Christianity, making their appeal primarily to the heart." (Angus, 1971, p. 84.)

Na my mening was die verwarring in die harte van die mense een van die tekens van die volheid van die tyd, waarin die geskiedenis van die Isisgodsdiens in Rome 'n uiters belangrike rol gespeel het en daarom kan ek volmondig saamstem met bogenoemde aanhaling.

Om die verloop van hierdie geskiedenis na te gaan is die numismatiek, geskiedskrywers en biografiste, die belangrikste bronne.

## 3.2 GEGEWENS VAN DIE NUMISMATIEK

Die sosiale onrus het in die eerste eeu v.C. 'n gunstige klimaat gevind vir al die ontevrede elemente, en die geheime godsdiensoefeninge van die aanbidders van Isis en Sarapis het 'n bymekaarkomplek vir hulle geword. 'n Bekende navorser, nl. A. Alföldi, (Alföldi, A. 1954: Schweizer Münzblatter, soos aangehaal deur Sharon Heyob, 1975, p. 15), bevestig dat ten minste een so 'n genootskap dit reggekry het om simbole van rewolusionêre tendense op munte te laat slaan. Hy sê verder dat daar in die tagtigerjare v.C. munte geslaan is met simbole van die godin daarop, maar sonder afbeeldinge

van die godin of Sarapis self. 'n Reeks van die munte met simbole van 'n skerpioen, 'n lotusblom, 'n krokodil, 'n ibis, 'n piramide en 'n sistrum daarop, wat as propagandamiddel gebruik is, is vir 'n dekade geslaan. (Heyob, 1975, p. 15.) Volgens Alföldi het Isis se afbeelding na 70v.C. saam met 'n gans (haar heilige voël) op munte verskyn. Soms is die sistrum en die lotusblom saam daarop aangebring.

Dit is insiggewend dat die aard van die simbole nie afkomstig is van die "trium vir monetalis" nie, maar van die gewone personeel wat in die werkkamers onder die tempel van Juno Moneta werksaam was. Die rede was, dat die personeel van die munt wat by die Kapitool en rondom die tempel van Juno Moneta gewoon het, propagandiste vir Isis was.

Die moontlik duisende slawe en vrygelatenes wat die personeel van die munt gevorm het, was die voorlopers in die verering van Isis en die uitbreiding van haar godsdiens onder die massas. (Vidman, 1970, p. 101.)

Gedurende hierdie tyd, ongeveer 70-50v.C., het die "Curule Aedile" in opdrag van die senaat denarii geslaan waarop, as kontrolebeelde, dikwels die simbolebeelde van Isis gevind is. Daar is opgemerk dat daar 'n besondere ooreenkoms tussen die klein muntstukke en die Isissimboliek was. Onder hulle is 'n denarius van M. Plaetorius Cestianus met 'n afbeelding van Isis Phantea ontdek (Vidman, 1970, p. 101, 102). Dit bly eienaardig dat 'n afbeelding van Isis op 'n offisiële muntstuk, tydens die heftigste vervolging van die Isisgodsdiens in die jaar 55v.C. geslaan is.

Vidman verwerp dus Alföldi se gedagte aangaande die heidense propaganda deur die senaat. Hy aanvaar dat die senaat - met die slaan van munte met Isissimbole, daarop slegs gepoog het om die smaak van die laer klasse van die Romeinse bevolking te bevredig. (Vidman, 1970, p. 103.)

Bogenoemde stem ooreen met my bevinding dat die meerderheid van die bevolking van Rome heil gesoek het by Isis of simpatiek gestaan het teenoor die Isisgodsdiens.

Dit sou inderdaad nie die eerste keer gedurende die eerste eeu v.C. wees dat politici die guns van die massa probeer soek deur toegewings te maak vir die aanhangers uit die onderste laag van die Isisvolgelinge nie. (Wissowa, 1902, p. 293.)

## 3.3 DIE ISISGODSDIENS EN VERVOLGINGS VOOR DIE KEISERTYD

Behalwe die numismatiek het klassieke skrywers in verskillende werke melding gemaak van vervolging van die Isisgodsdiens. Dit bly die mees definitiewe bewyse vir die aanvang van die Isisgodsdiens in Rome.

Die aanvanklike verdraagsaamheid teenoor vreemde godsdienste het verdwyn en die vervolging het in die jaar 59v.C. begin. In 58v.C. (Tertullianus, Apol. 6.8[1].) en in 53v.C. (Dio Cassius, 3.40.47) - skryf Tertullianus en Dio Cassius daarvan.

In 50v.C. (Valerius Maximus, Not. Var. 1.3.3) beweer Valerius Maximus dat Isis van Egipte vroeër van Rome was en hy verwys ook na Vergilius wat in sy Aeneïs praat van die monsteragtige gode wat in verskillende gedaantes saam met Anubis optree. (Vergilius, Aeneïs 8.698).

---

1) "Serapidem et Isidem et Arpocratem cum suo cynocephalo Capitolio prohibitos inferri, id est curia deorum pulsos, Piso et Gabinius consules non utique Christiani eversis etiam aris eorum abdicaverunt, turpium et otiosarum superstitionum vitia cohibentes."

In 48v.C. en 47v.C. het Julius Caesar alle vryheid vir die bestaan van verenigings 'n finale nekslag toegedien toe hy alle genootskappe, behalwe dié met 'n baie ou status laat ontbind het. (Dio Cassius, 4.42.26. 1-2.) Hieroor het ook Suetonius belangrike kommentaar gelewer (Suetonius, Caesar 1.42. 2+3[2]).

Die herhaaldelike vervolgings toon duidelik hoe hardnekkig die trou van die Isisvolgelinge was en is weer eens 'n bewys dat die godsdiens in daardie tydvak reeds 'n sterk inslag by die volk van Rome gehad het. In 30v.C. is daar weer 'n teken van die hardnekkige weerstand van die massa. Toe die tempel van Isis en Sarapis verwoes moes word volgens die verordening van die senaat kon hulle niemand kry wat dit sou waag om dit te onderneem nie. Die konsul self, L. Aemilius Paulus, moes die byl opneem om die eerste hou te vel (Val. Max. Not. Var. 1.3.3). Dit is vreemd dat, nieteenstaande die vervolgings, Alexandrynse sterrekundiges onder Caesar se voogdyskap die kalender hersien en die datums van Isis se vakansies daarop aangebring het. Aanvanklik het dit gelyk asof die Romeine die oudste metode van "evocatio" op Isis sou toepas. In die jaar 43v.C. het Octavianus saam met Antonius en Lepidus 'n bevel uitgevaardig dat 'n nuwe tempel vir Isis en Sarapis gebou moes word. (Stobart, 1961, p. 125.) Suetonius sê van Augustus dat hy op daardie stadium alle vreemde rites wat oud en vasgesetel was, met respek bejeën het. (Suetonius, Augustus, 2.93.[3].)

Hierdie besluit staan in sterk kontras met die vervolging van die kultus in die twee vorige dekades en ook met die hewige teenstand wat Octavianus later as Augustus Caesar ten opsigte van die Isisgodsdiens gehandhaaf het. Deur 'n deeglike studie te maak van die hele hoofstuk wat Suetonius oor Augustus ge-

---

2) "Cuncta collegia praeter antiquitus constituta distraxit."

3) "Peregrinarum caerimoniarum sicut veteres ac praeceptas reverentissime coluit."

skryf het, kan 'n mens 'n beter opinie vorm oor die ontwikkeling van Augustus se godsdienstige beskouing t.o.v. die Egiptiese godsdiens.

(Stobart, 1961, p. 183) sê die volgende:
"The old Egyptian worship of Isis and Osiris had conquered all its conquerors and continued to make inroads even into Rome itself where Augustus was forced to accept it as irresistible."

Aanvanklik het die politieke situasie hom daarvoor geleen dat die "triumviri", veral Octavianus, die goedkeuring van die "populares" gesoek het in sy stryd teen Antonius. Daar is egter geen bewyse dat genoemde tempel wel opgerig is nie. Waarskynlik is dit omdat Octavianus, nadat Antonius Rome verlaat het, geen rede ingesien het waarom hy die volk verder tevrede moes stel nie en gevolglik is die tempel nooit gebou nie. (Wissowa, 1902, p. 293.)

Die feit dat 'n dekreet ten gunste van die Isisgodsdiens uitgevaardig is, het tot gevolg gehad dat die godsdiens weer vryelik onder die volk beoefen is. Hiermee wil ek nie beweer dat die godsdienssin en belewing sterker geword het nie. Myns insiens is die Isisgodsdiens, waar dit t.o.v. sy heilsverwagting 'n ooreenkoms met die christendom vertoon, juis 'n godsdiens wat tydens onderdrukking tot groter bloei kon kom.

Dit is moeilik om te bewys dat daar weer nuwe kolleges gestig is nadat Caesar die "Isiaci" gedurende sy regeringstyd ontbind het.

Intussen het Antonius in 41v.C. 'n bondgenootskap met Cleopatra gesluit. Nadat Antonius in 34v.C. 'n groot oorwinning oor die Armeniërs behaal het, vier hy sy oorwinning in Alexandrië. In plaas van sy buit voor te lê aan die Kapitolynse Jupiter, bied hy dit vir Cleopatra aan waar sy, gekleed soos Isis, op 'n troon sit. (Taylor, 1931, p. 126.) Antonius en Cleopatra het

ook saam geposeer vir skilderye en standbeelde, waar hy Osiris of Dionysius voorstel en sy vir Isis of Selene. Dio Cassius vertel ook hoe hyself haar vereer het asof sy Isis is en hoe hy die titel van Osiris aanvaar het. (Dio Cassius 50, 5.3 + 25.3.)

Hoe meer Antonius hom met die Egiptiese gode vereenselwig het, hoe meer het Octavianus se haat daarteen opgevlam. In sy toespraak tot die leër word sy haat duidelik blootgelê. (Dio Cassius 50.24-30.) Oral in die stad sweep hy gemoedere op teen al wat Oosters is. Die gerug is versprei dat Antonius, indien hy Rome sou verower, die hoofstad van die wêreld aan Cleopatra sou gee en die setel van die regering na Egipte sou verskuif. (Dio Cassius 50.4-5.)

Dit is duidelik dat omstandighede in Rome vir die Isisvolgelinge gedurende dié tyd uiters ongunstig was.

Om saam te vat wil ek weer eens die feit beklemtoon dat die vervolgings, myns insiens, eerder daartoe bygedra het om die godsdiens aantrekliker vir die ontredderde massa te maak as om dit te onderdruk.

## 3.4 DIE ISISGODSDIENS GEDURENDE DIE KEISERTYDPERK IN ROME

### 3.4.1 Augustus

Toe Augustus alleenheerser word, het hofdigters, soos Vergilius en Horatius, die seëpraal van die Weste oor die Ooste met geesdrif begroet. Wanneer hy die oorwinning van Rome oor die Oosterse despotisme besing, skryf Horatius aangaande die val van Cleopatra dat die mense nou weer fees mag vier na haar val. Vroeër sou dit sonde gewees het as mense ou wyn uit hulle kelders sou wou haal, as die koningin van Egipte in waansinnige oormoed die val van die Kapitool en die dood van die Romeinse ryk sou voorberei het. Nou is hulle egter dronk

van soete geluk. (Horatius, Od.I.37.4-10[4].) Jare later herhaal Propertius in een van sy gedigte dat Cleopatra, as huweliksgeskenk vir haar skandelike huwelik, gevra het dat die stad Rome, met sy senatore, haar onderdane moes word. (Propertius Eleg.3.11.30[5].)

Dit is duidelik dat daar onder hierdie omstandighede weer druk op die Isisvolgelinge toegepas sou word. Dit gebeur ook.

In die jaar 28v.C. verbied Augustus die oprigting van privaat heiligdomme van Isis binne die grense van die "pomerium" (Dio Cassius 53.2.4). Met betrekking tot heiligdomme buite die "pomerium" is verdere maatreëls verslap. Dit is waarskynlik te danke aan die feit dat Augustus tog die massa in 'n sekere mate wou tevrede stel (Dio Cassius, 53.2.4+5).

Augustus se beperkingsmaatreël het min byval by die volk gevind en hy moes in 21v.C., toe hy in Sicilië was, Agrippa na Rome stuur om probleme wat opgeduik het die hoof te bied. Agrippa het aan die hoof van die stadsadministrasie gestaan. Agrippa se maatreëls het die volgende verbod ingesluit, nl. dat die Isiskultus nie binne 'n radius van een myl binne die grense van die "pomerium" beoefen mag word nie. Dit verklaar waarom die "Isiaci" deels bygedra het tot die probleme wat ontstaan het.

Uit bogenoemde feite is dit duidelik dat die Isisvolgelinge nie, soos die aanhangers van Mithras, nooit enige vervolging in Rome geken het nie. Mithras se volgelinge het getroue burgers gebly, wie se lojaliteit teenoor die staat nooit betwyfel is nie. Daarenteen het die Isisvereerders hulle politieke posisies gebruik vir die instandhouding en uitbreiding van hulle godsdiens (vg. 3.2).

---

4) "nunc est bibendum, nunc pede libero pulsanda tellus."

5) "coniugis obsceni pretium Romana poposcit moenia et addictos in sua regna Patres?"

Ver weg van Rome af is Augustus te Philae geteken as die geliefde van Ptah en Isis, waar hulle saam aan hom geskenke van wyn en mirre gegee het (Witt, 1971, p. 223).

### 3.4.2 Tiberius

Tiberius is ook deur kunstenaars te Philae geteken as ŉ aanbidder van Isis, waar sy met haar ganse, spieël en sistrum saam met hom verskyn. Tog het hy die Isisgodsdiens, net soos die Judaisme, sterk teëgestaan in Rome. Hy het alle Isis - volgelinge verplig om hulle klere en ander godsdienstige toebehore te verbrand (Suetonius, Tiberius 3.36[6]). Daar was tye dat hy verdraagsaam was teenoor die Egiptiese gode. Daar bestaan ŉ inskripsie waarin hy die "Groot Isis" gedenk. In 23n.C. is hy afgebeeld waar hy besig is met offerandes aan Hathor, Horus en Isis. Die hewigste vervolging teen die Isisgodsdiens kom nogtans voor tydens die regering van Tiberius, nl. in 19v.C. Dit het gevolg op ŉ skandaal waarin Decius Mundus, vermom as priester van Anubis, ŉ matrona - Paulina - in ŉ Isistempel verkrag het. Verskillende geskiedskrywers het hierdie insident aangehaal, aangesien dit blykbaar veel publisiteit en aandag geniet het. Die gevolge van die daad het nie uitgebly nie. Al die priesters van die tempel het aan die komplot deelgeneem. Mundus het met sy daad gespog en die nuus het keiser Tiberius bereik.

Dat die morele standaarde van die tyd tog nog gehandhaaf is, blyk duidelik uit die heftigheid waarmee die daad gestraf is. Keiser Tiberius het die tempel waarin die daad plaasgevind het, verwoes en die beeld van die godin in die Tiber laat gooi. (Josephus, ant. 18.65-80; Tacitus Ann. 2.85.25 + 26;

6) "Externas caerimonias, Aegyptios, Iudaicosque ritus compescuit, coactis qui superstitione ea tenebantur religiosas vestes cum instrumento omni comburere."

(Suetonius, Tiberius 36.)

Die tempelpriesters en 'n vrou wat saam met hulle die komplot gesmee het, is gekruisig. Mundus is verban. Verder is vierduisend vrygelatenes wat die Joodse en Egiptiese geloof aangehang het, na Sardinië verban; andere is verplig om Italië te verlaat, indien hulle nie hulle geloof voor 'n sekere dag sou laat vaar nie (Suetonius, Tiberius, 36).

3.4.3 Gaius Caligula (37-41n.C.)

Reeds aan die begin van sy regering rig hy 'n staatstempel vir Isis in Rome op. Daar bestaan verskillende bewyse dat hy ook in ander opsigte Egiptiese gewoontes na Rome wou invoer. Sommige van sy handelinge is deur geskiedskrywers as kranksinnig beskryf. Suetonius het van Caligula die volgende gesê: Op helder nagte het hy die volmaan genooi om in sy arms te kan rus. Hy het sy suster Drusilla as vrou geneem. Hy het altyd by haar goddelikheid gesweer, haar sy erfgename genoem en met haar dood 'n offisiële routyd uitgeskryf. Op die laaste dag van sy lewe is voorbereidsels getref vir 'n nagtelike skouspel, waartydens Egiptenare en Ethiopiërs taferele uit die onderwêreld sou opvoer (Suetonius, Caligula 22). Indien 'n mens na hierdie byna kranksinnige handelswyse kyk in die lig van die Egiptiese godsdiens, is dit meer begryplik. Elke koning in Egipte is 'n inkarnasie van die songod, Ra. Die Farao's het so ver moontlik met hulle susters getrou. Isis was ook die maangodin. Dit is nie vergesog om te sê dat Caligula die Romeinse Ryk wou veroosters nie. Met sy troonsbestyging het Caligula verdere amnestie verleen aan gevangenes, vlugtelinge en bannelinge in Rome. Hy het 'n daaglikse ritus van Isis laat plaasvind. Met hierdie geleentheid is sy standbeeld elke môre geklee en seldsame voëls is geoffer. Hy het na die dood van Drusilla rondgeloop asof in 'n Osiris-rouritus. Caligula se bloedverwantskap met Antonius, die feit dat hy in sy grootmoeder Antonia se huis grootgeword het saam met die Egiptiese prinse, Rhoimetalkes III,

Polemo II en Kotys I, het sy ywer om die heersers van Egipte na te boots, sterk beïnvloed. Dit het alles daartoe bygedra dat hy 'n gematigde beleid gehandhaaf het teenoor die Isisgodsdiens in Rome.

In die jaar 38n.C. het Caligula 'n groot tempel op die Campus Martius laat oprig. Die bestaan van die tempel word vir die eerste keer vermeld toe Titus en Vespasianus die nag daar deurgebring het in 71n.C. Dit was nadat hulle Jerusalem verwoes het en voordat hulle hul triomftog in Rome gehou het. Dit is seker dat die tempel voor 65n.C. gebou is, want Lucanus maak daarvan melding in sy "De Bello Civili" (Lucanus De Bello Civ.8.83ff.[7]), vgl. ook (Tertullianus. Apol. 6.8; Minucius Felix, Octavius 22.1 en Dio Cassius 40.47.4.)

In Caligula se regeringstyd is die Isisfees wat die dood en opstanding van Osiris gedenk het, verhef tot "sacra publica populi Romani". Onder die paleis van Domitianus is kamers aangetref met Egiptiese muurskilderye. F. Cumont en G.E. Rizzo het jare lank gereken dat dit die "Aula isiaca" was waarin Caligula vir Isis aanbid het. Die vertrekke is versier met muurskilderye waarin talle simbole van die Isisgodsdiens voorkom, soos lotusblomme, kruike, ibises, volstruisvere en rosekranse. Isis self, of een van haar priesteresse, verskyn ook hier. In 'n ander skildery is 'n arend, wat 'n kruik in sy kloue vashou, afgebeeld. Dit staan in verband met die misteries van Isis. In die nuutste opgrawings is definitief bewys dat die sg. kapel 'n gewone kamer is waarin Egiptiese temas gebruik is gedurende die tyd toe Egipte se invloed in

---

7) "nos in templa tuam Romana accepimus Isim semideosque canes et sistra iubentia luctus et quem tu plangens hominem testaris Osirim."

Rome sy hoogtepunt bereik het (Picard, p. 189, pp. 139 + 140).

Gaius Caligula het ook 'n Egiptiese obelisk na Rome laat bring waaroor Suetonius die volgende geskryf het: quam quo stabilius fundaret, navem ante demersit, qua magnus obeliscus ex Aegypto fuerat advectus, congestisque pilis superposuit, altissimam turrem in exemplum Alexandrini Phari ut ad nocturnos ignes cursum navigia dirigerent (Suetonius, Claudius 2.20). Op grond hiervan kan ek met stelligheid beweer dat Caligula die eerste keiser was wat staatserkenning aan die Isisgodsdiens gegee het. Dit is egter nie seker of sy bewondering vir die Egiptiese kultuur hom 'n volgeling van Isis gemaak het of dat sy verering van Isis hom 'n bewonderaar van die Egiptiese kultuur gemaak het nie. Dit was in daardie tyd "populêr" om die Egiptiese kultuur aan te hang.

### 3.4.4 Claudius (41-54n.C.)

Gedurende die regeringstyd van Claudius het daar 'n sekere verdraagsaamheid geheers teenoor die Isisgodsdiens in Rome. Alhoewel Claudius vreemde godsdienste in Brittanje sterk teëgestaan het, het hy gepoog om die Eleusiese misteries vanaf Griekeland na Rome te bring. Hierdie bekendstelling van die Eleusiese misteries toon aan dat hy geïnteresseerd was in die Griekse godsdiens en dan miskien ook in die Isisgodsdiens wat 'n gehelleniseerde vorm van die ou Egiptiese godsdiens was. Hy het verstaan dat daar belangstelling onder die volk sou wees vir die misterie-godsdienste. Hy het dit nie teëgestaan nie, maar dit verdra, asof dit op een of ander manier met die Romeinse tradisie in ooreenstemming sou wees. Volgens Suetonius het Claudius se poging om die Eleusiese misteries na Rome in te voer nie geluk nie (Suetonius Claudius, 2.25). In sy regeringstyd het geen vervolging van die Isisgodsdiens plaasgevind nie, maar 'n paar belangrike persone het offers

aan Isis in Rome gebring. 'n Militêre tribune wat onder Claudius gedien het, was 'n lewenslange priester van Isis. Die bekende soldaat en mediese dokter, C. Stertimius Xenophon, was 'n fanatieke politikus en 'n priester van Isis en Sarapis (Dill, 1956, p. 566).

### 3.4.5 Nero (54-68n.C.)

Waarsêers het aan Nero voorspel dat hy eendag 'n Oosterse keiserryk sou stig (Suetonius Nero 2.40). Hy kon die droombeeld nie vergeet nie en het hom sterk tot Egipte aangetrokke gevoel. Op een stadium het hy op die punt gestaan om na Alexandrië te verhuis en sy hoofstad daar te stig. Sy verbeelding is aangegryp deur die oostelike provinsies.

Dit is dus geen wonder dat hy die Isiskultus offisieël erken het nie. (Tacitus, Annales. 15.36[8].)

### 3.4.6 Die Flaviërs

In Rome was dit steeds die vaste norm dat goddelike eerbewyse nie aan 'n keiser gegee word voordat hy die aardse lewe verlaat nie. Augustus is na sy dood as "Divus Augustus" in die staatskultus opgeneem. In die Ooste is heersers, terwyl hulle nog geleef het, as gode beskou. Ambisieuse keisers in Rome het ná Augustus gemeen dat die godsdiens van Isis 'n belangrike hulpmiddel kan wees om ook goddelikheid tydens hulle aardse lewe te bekom. Slegs 'n halwe eeu na die dood van Augustus het Otho, geklee in die gebruiklike binnekleed van die kultus, openlik aan seremonies van Isis in Rome deelgeneem (Suetonius Otho, 12.1[9]).

---

8) "maxime Aegyptum, secretis imaginationibus agitans"

9) "sacra etiam Isidis saepe in lintea religiosaque veste propalam celebrasse."

Vespasianus het die tempel van Isis op die agterkant van 'n reeks brons muntstukke laat aanbring (Witt, 1971, p. 224). Suetonius vertel die verhaal dat Vespasianus tydens 'n besoek aan Alexandrië twee wonderwerke laat plaasvind het. Hy het 'n blinde man laat sien en die verminkte hand van 'n ander persoon herstel. Albei persone het in opdrag van Sarapis na hom gekom. Vespasianus se nuuskierigheid is geprikkel en hy het sy heiligdom in die stad besoek (Suetonius, Vespasianus 2.7).

Dit is duidelik dat die Isisvolgelinge gedurende sy regering geen vervolging in Rome gevrees het nie.

Vespasianus en sy seun Titus het hulle oorwinning oor Jerusalem by wyse van 'n triomftog in Rome gevier. Die vorige nag het albei deurgebring in die Iseum Campense (Josephus Bell.Iud. 7.123).

Titus het, net soos sy vader, ondervinding gehad van die kultusseremonies in Egipte en dit in Rome ingestel (Suetonius 2.5.3).

Gedurende die oorlog teen Vitellius in 69n.C. het Domitianus, die jonger broer en opvolger van Titus, homself vermom in die kleredrag van 'n Isisvolgeling. Sodoende het hy ontvlug uit die tempel op die Kapitool waar hy ondergeduik het tydens militêre maneuvers, en die Tiber veilig oorgesteek (Suetonius Domitianus 2.1.2). Die aedile Volusius het in 43v.C. op dieselfde wyse deur vermomming in 'n Isiskostuum ontvlug. Dit lyk heel waarskynlik dat Domitianus die tempel op die Campus Martius laat herbou het in 92n.C. uit dank vir sy ontsnapping (Eutropius Hist. Rom.7.23.5.[10]). Domitianus het verder 'n obelisk van die Nylvallei na Rome laat kom en 'n Iseum in Beneventum laat herbou of vergroot. Die feit dat hy daar in

---

10) "Romae multa fecit Domitianus in his Capitolium et Forum transitorium Divorum porticus, Isium ac Serapium et stadium."

die kleredrag van 'n Farao, as 'n Farao vereer is, bewys baie duidelik dat hy 'n lewendige belangstelling in die Isisgodsdiens gehad het.

Hy het homself beskou as 'n soort Sarapis wat herleef het en wat bereid was om vir sy vrou Isis menigvuldige bouwerke te laat oprig.

### 3.4.7 Die Antonines

Dit is belangrik om kennis te dra van die leermeesters van dié keisers. Dit verklaar hulle houding ten opsigte van die Isisgodsdiens in Rome. Die Stoïsynse filosoof, Chaeremon, was 'n bekende skrywer oor die Egiptiese beskawing en vir 'n tyd lank die bibliotekaris van die Serapeum te Alexandrië. Hy het die leermeester van Nero geword. Onder keiser Trajanus het 'n ander leerling van Chaeremon, nl. Dionysius, die pos van sekretaris en bibliotekaris in die paleis in Rome beklee. Onder keiser Hadrianus is dieselfde poste beklee deur die hoofpriester van Isis, nl. Julius Vestinus. Wat keiser Trajanus se presiese houding teenoor die Isisgodsdiens in Rome was, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Dat hy wel belanggestel het, is duidelik uit 'n basreliëf van sy triomfboog in Rome. Hy verskyn daarop, besig om 'n offer van wyn aan Isis en Horus te bring (Witt, 1971, p. 235). Hy sou seker te eniger tyd met sy sekretaris, Dionysius, oor die Egiptiese Isis kon gesels het. Tog is daar ook getuienis dat Trajanus se houding koel was teenoor die Egiptiese godsdiens. Plinius het die keiser geprys, omdat hy die volgelinge van 'n vreemde godsdiens, nl. die priester van die Alexandrynse kultus, van sy tafel verban het (Plinius, Paneg.49.8).

Daar is egter geen bewyse dat daar gedurende sy regeringstyd enige vervolging van die Isisgodsdiens in Rome was nie.

Hadrianus se persoonlike en offisiële beskouinge ten opsigte van Isis het van mekaar verskil. In die "Scriptores Historiae Augustae" word vertel dat hy eerbied gehad het vir die Romeinse godsdienste maar dié van vreemde oorsprong verag het (Scriptores Historiae Augustae, Hadrianus 22.10). In sy villa by Tivoli is talryke beelde van die gode van die Nyl gevind (Dill, 1956, p. 567). 'n Alexandrynse muntstuk, wat geslaan is gedurende Hadrianus se regeringstyd, toon Isis met 'n lotusblom op haar kop, waar sy op 'n hond sit en die sistrum en 'n speer in haar hande vashou. 'n Ander muntstuk het Hardrianus se aankoms in Alexandrië uitgebeeld. Daarop staan Sarapis met 'n modius en Isis met 'n lotus en 'n sistrum in haar hand, en albei steek 'n hand van verwelkoming uit na die keiser en sy vrou Sabina (Witt, 1971, p. 236).

Antonines Pius, die opvolger van Hadrianus, het nie veel aandag aan die Isisgodsdiens in Rome geskenk nie. Desnieteenstaande het hy 'n muntstuk uitgegee waarop Isis aan die een kant en Faustina aan die ander kant verskyn het (Heyob, 1975, p. 30).

3.4.8 Commodus (180-192n.C.)

Die Isisvolgelinge het onder Commodus, die seun van Marcus Aurelius, 'n groot triomf gevier. Daar is geskryf dat Commodus in so 'n mate aangetrokke gevoel het tot die Egiptiese godsdiens dat hy aan seremonies en prosessies in die strate van Rome deelgeneem het. Hy het o.a. sy kop kaalgeskeer en 'n standbeeld van Anubis gedra. Hy het die Isisaanbidders gedwing om hulle borste te slaan met dennebolle, as 'n vorm van boetedoening. Hy het hulle ook geslaan met die kop van Anubis se standbeeld (Historiae Augustae Commodus 9.4).

Die feit dat die keiser aktief aan die godsdiens se ritus deelgeneem het, het die godsdiens groot aansien laat verkry, veral onder die hoëlui van Rome. Die keiser het o.a. van

homself, saam met 'n bul en koei, 'n goue standbeeld, waarvan die massa duisend pond was, laat maak (Dio Cassius, 9.73.15).

Aan die begin van die derde eeu n.C. het Keiser Septimus Severus stede, soos Alexandrië en Memphis besoek en groot belangstelling getoon in die tempels van Egipte (Witt, 1971, p. 237).

Nadat Commodus 'n oorwinning behaal het oor barbaarse vyande in die Noorde het hy 'n munt in Rome laat slaan: Oor 'n versierde, brandende altaar reik die keiser vir Sarapis die hand. Isis staan met 'n sistrum in haar hand regoor hom, uitgebeeld op die munte (Leopold, 1918, p. 112).

### 3.4.9 Caracalla (188-217n.C.)

Onder Caracalla het die Isisgodsdiens tot op daardie tydstip die grootste begunstiging van enige keiser geniet. Caracalla het die beperking van die "sacra Aegyptia" buite pomeriale gebied, opgehef.

Caracalla het die seremonies met meer eerbied vervul as enige ander keiser voor hom. Hy het 'n pragtige tempel vir Isis en Sarapis op die Quirinaal gebou en heelwaarskynlik is die "Iseum et Sarapeum" op die Caeliumheuwel ook deur hom laat bou (Wissowa, 1902, p. 296).

Hoe afstootlik sy Isisaanbidding ook al vir biograwe van die keisers was, kon Caracalla met reg bestempel word as: "sacra Isidis Romam deportavit". Van toe af het die Isisgodsdiens pal op die voorgrond van die godsdienstige lewe in Rome gestaan.

Welke houvas dit op die gemoedere van Romeinse burgers gehad het, is nie net duidelik uit die Hooglied wat Apuleius oor

die almag en goedheid van Isis sing nie (Apuleius Metam. 11.2.1-20[11]) maar nog meer uit die heftigheid en verbittering van die Christelike polemiek teen die Isisgodsdiens. Na die tyd van Caracalla waarin die Isisgodsdiens sy hoogtepunt in Rome bereik het, het die keisers al hoe minder begin belang stel in die godsdiens van die Egiptenare.

Vreemd genoeg was dit nie meer net die laer bevolkingsgroepe wat onder die Isisvolgelinge in Rome getel het nie, maar ook ryk en vooraanstaande Romeine het Isis vereer en dit deels om politieke redes.

### 3.4.10 Konstantyn en latere keisers

In die jaar 331n.C. het Konstantyn 'n bevel uitgevaardig dat alle heidense tempels in Rome vernietig moes word. Die Isis-kultus kon egter nie maar deur 'n edik op een dag uitgewis word nie. Konstantyn was egter die eerste keiser wat die heidense tempels in die hande van Christene oorgegee het. Vervolgings het toe plaasgevind.

Voordat die misteriegodsdienste en ander vreemde kultusse heeltemal moes swig voor die Christendom, het keiser Julianus die naam verkry as een wat die waarheid van die godsdienste uitgewis het. Sy beleid het ingehou dat die oue en bekende van waarde was vir Rome. Ou embleme is weer in ere herstel. Op 'n muntstuk van sy tyd is Julianus uitgebeeld saam met die wolvin wat die tweeling, Romulus en Remus, soog, met Anubis aan die ander kant. Op 'n ander muntstuk, in sy tyd geslaan, hou Isis vir Horus aan haar bors vas. Daar is ook verskeie

---

11) "Regina caeli...... redde me conspectui meorum, redde me meo Lucio."

afbeeldinge waar sy op die rug van die Sothis-hond sit of saam met haar suster Nephthys verskyn. Van Julianus is ook gesê dat hy heidense tempels weer laat funksioneer het en die reinigingseremonies van Isis heringestel het (Witt, 1971, p. 241).

Keiser Gratianus het in die jaar 379n.C. verbied dat genoemde munte geslaan word. Tog het die munte bly verskyn tot in 394n.C In 391n.C. is die Serapeum in Alexandrië tot niet gemaak, en die sentrum van die Isisgodsdiens het verdwyn (Heyob, 1975, p. 35; Vidman, 1970, p. 162). Gedurende die jaar 392n.C., toe Arbogast vir Eugenius op die troon geplaas het, het die Isisgodsdiens weer 'n kort, maar groot, triomf belewe.

In die jaar 394n.C. het Nicomachus Flavianus, as konsul, die laaste offisiële Isisfees in Rome laat vier (Erman, 1977, p. 254). In Falerii is daar nog later 'n Isisfees gevier tot en met 416n.C. (Vidman, 1970, pp. 165+166). Niemand kan egter met sekerheid sê of die prosessies nog 'n religieuse betekenis gehad het en of dit slegs gehou is ter wille van die skouspelagtige vertoning daarvan nie.

5.4.11 Samevatting

Aanvanklik was die Isisgodsdiens bekend onder die laer klasse van die volk. Dit het vir die Isisvolgelinge persoonlike, godsdienstige bevrediging gegee om in klein groepies as geloofsgenote saam te kom, en die warmte en nabyheid te kon ervaar van andere. Dit het hulle in die onpersoonlikheid van die staatsgodsdiens nie ervaar nie. Die langdurige periodieke teenkanting van die staat het gekom omdat daar skynbaar besef is dat die Isisvolgelinge nie die welsyn van die gemeenskap (die staat) gesoek het nie, maar wel dié van die enkeling.

Die bewondering vir die Egiptiese kultuur het waarskynlik daartoe meegewerk dat die kultus wel later aanvaarbaar geword het onder die keisers van wie Caligula die voorloper was. Die belangstelling vir die kultus het later vervaag, a.g.v. die verbreiding van die Evangelie. Toe het baie van hulle die ware Heiland en Verlosser gevind.

# HOOFSTUK 4

# DIE AARD EN WESE VAN DIE ISISGODSDIENS IN ROME

## 4.1 VOORAFGAANDE GODSDIENSTIGE BESKOUINGE IN ROME

### 4.1.1 Animisme en Huisgode

Animisme was die kern van die ou Romeinse godsdiens en het die grootste gedeelte van die Romeine se geloof en godsdiensoefeninge beheers. Dit het beteken dat geeste of goddelike kragte aanvaar is as die mag wat die mens se lewe en alle ander gebeure in die wêreld beïnvloed het. Dit het ontwikkel vanaf 'n vae geloof in 'n groep ongedefinieerde geeste wat meestal as sleg en kwaadwillig beskou is tot 'n geloof in 'n besondere gees of 'n spesifieke groep geeste wat aan 'n bepaalde plek verbonde was.

Later het dit verder ontwikkel in 'n geloof in 'n gees of geeste op 'n hoër vlak met 'n spesiale funksie wat gewoonlik verbind kan word aan die lewe van die mens of menslike funksies. Nog later het die gees 'n beskrywende naam gekry en byna 'n definitiewe persoonlikheid. Petronius het gesê: Primus in orbe deos fecit timor.[1)]

Dit was dus vrees (timor) vir vyandelike magte en nie vrees (religio) vir iets hoër as hyself wat die oorsprong van die ou Romeine se godsdiens was nie.

---

1) Petronius, Fragmentides geen numerering.

### 4.1.2 Romeinse Staatsgodsdiens

Die owerheid van Rome het uitgegaan van die gedagte dat die aanvaarding en nakoming van religieuse verpligtinge net goed vir die gemeenskap kan wees. Hulle strewe kan omskryf word as 'n besorgdheid oor die handhawing van goeie betrekkinge met die gode, nl. die "pax deorum". Die geeste en huishoudelike gode het met die groeiende stadsbevolking verander in staatsgode. Ou landboufeeste het staatsfeeste geword. Saam met die huisgodsdiens het daar 'n staatsgodsdiens ontwikkel. Die godsdiensoefeninge is egter uit die hande van die volk geneem en aan 'n priesterklas oorhandig. Die gevolg hiervan was dat die Romeinse burgers daaraan gewoond geraak het om die verering van 'n godheid as 'n staatsaak te sien en as 'n aangeleentheid wat die onderdaan aan sy regeerders kon oorlaat.

### 4.1.3 Misteriegodsdienste

Aangesien die staatsgodsdiens met sy vorm en afgesonderheid nie meer die hart van die Romein geraak het nie, het die burgers van Rome hulle gewend tot die meer populêre en emosionele seremonies van die Griekse godsdienste, asook tot dié wat van Egipte en Persië oorgewaai het. In die "lectisternium" het hulle 'n uitlaatklep gevind vir hulle opgekropte godsdienstige gevoelens. Hierdie neiging tot 'n meer emosionele godsdiens was sekerlik die rede waarom die ekstatiese godsdienste van die Ooste nie van Rome weggehou kon word nie.

## 4.2 DIE TOEKOMSVERWAGTING VAN DIE ROMEINE IN ROME

In hoofstuk drie het ons reeds aangetoon dat hoe vreemder en meer uitheems die godheid vir die mens van daardie dae was, hoe groter was die bekoring en aantrekkingskrag wat hy/sy, vir die soekende en rigtinglose massa gehad het. Die tradisionele

politheïsme het alle aantreklikheid verloor vir die Romein (Vloemans, 1930, p. 58).

Die staatsgodsdiens en familiegodsdiens het te doen gehad met die teenswoordige wêreld en daar is weinig aandag gegee aan enige aspirasies vir 'n hiernamaals. Die denkers en soekers onder die Romeinse burgers wou 'n godsdiens hê wat groter opofferings gevra het, maar wat ook 'n groter vergoeding gegee het. Daar het 'n verlange bestaan na sekerheid, verlossing, 'n god se nabyheid vir die hede, maar veel meer 'n vurige hoop op 'n lewe hiernamaals. "Zij alle geven gaarne het treurige deserzijds voor het zalige generzijds; zij offeren met den gloed deur zielsdiepe overtuiging, het tijdelike op aan het eeuwige" (Vloemans, 1930, p. 58).

Isis "die meesteres van al die elemente, die eersgeborene van alle tye, die grootste van alle godhede, die koningin van die gestorwenes....." (Apuleius, Metam. 9.5.10 + 11[2]) kon aan die inwoners van Rome die hoop op 'n hiernamaals gee. Die gedagte aan 'n middelaar wat uit die dood sou opstaan, het ook pragtig aangesluit by die geskiedenis van Osiris/Sarapis. Uit die Piramidetekste was dit alreeds bekend dat Osiris in die derde eeu v.C. die heerser in die doderyk was. Die Romeine het aanvaar dat hy die dood oorwin het en dat hierdie oorwinning bekombaar was deur in die diens van Isis en Osiris te staan. In die Doodskistekste van die vroeë tweede millenium v.C. is 'n dooie selfs aangespreek as "Osiris" en is hy soos volg tot die lewe teruggeroep. "Raise thyself to life, thou dost not die" of ook "Osiris live! Stand up, unhappy one who dost be there! I am Isis, I am Nephthys" (Ferguson, 1970, p. 107).

---

2) ".....elementorum omnium domina, saeculorum progenies initialis, summa numinum, regina manium...."

Uit die latere Romeinse tydperk bestaan daar geskilderde afbeeldinge waar Anubis 'n dooie man na Osiris geneem het. Dit is die hoop op 'n nuwe lewe wat die fondamentsteen van die misteriegodsdienste gevorm het en dus ook van die beloftes wat Isis kon voorhou.

Ferguson beweer tereg dat die Isisgodsdiens in Rome 'n duidelike voorbeeld was van 'n nuwe godsdienstige instelling wat aan die eise van 'n nuwe era in die geskiedenis kon voldoen (Ferguson, 1970, p. 106[3]).

## 4.3 DRIE STADIA VAN ONTWIKKELING IN DIE ISISGODSDIENS IN ROME

### Inleiding

Die kenmerke van die ontwikkeling van die Isisgodsdiens het ooreengestem met dié van ander misteriegodsdienste, soos bv. die Magna Mater en die Mithraïsme. Die belangrikste kenmerk daarvan is, dat dit 'n godsdiens van simboliek is. Met mite en allegorie, lig en duisternis is daar in die hart van die ingewyde 'n gevoel van weergeboorte geskep.

Materialistiese panteïsme en allegorie wat die toepassing van die wysbegeerte op die mitologie is, was twee faktore wat 'n groot invloed op die Isisgodsdiens uitgeoefen het. Behalwe dat dit 'n godsdiens van verlossing was, was dit ook 'n sakramentele drama wat gerig was op die emosies sodat ingewydes deur psigiese en mistieke effekte die verhewendheid van 'n nuwe lewe en eenheid met die godin sou ervaar.

---

3) "it represents a clear example of a new religious institution meeting the needs of a new age".

Ten slotte was dit, behalwe dat dit 'n eskatologiese godsdiens was, ook 'n persoonlike en 'n kosmiese godsdiens waarin harmonie in die kosmos gesoek is.

### 4.3.1 Voorbereiding en keuring (Katharsis)

#### 4.3.1.1 Geheimhouding

Alle Isisaanbidders was nie gelyk soos aanbidders in die Romeinse staatsgodsdiens nie. Elkeen moes gedissiplineer en geëksamineer word. Daar was reines en onreines. Absolute geheimhouding moes gesweer word (Apul. 11.21 + 23.283+[4]) voordat 'n persoon tot die godsdiens kon toetree.

#### 4.3.1.2 Boetedoening (Asketisme)

Apuleius van Madaura het in sy "De Mundo" die volgende geskrywe oor godhede: "hulle staan elke mens op sy/haar lewensweg by.......... die menslike siel, moet in die aardse lewe 'n proses van suiwering deurmaak om daarna tot sy/haar oorsprong na die gode terug te keer. (Apuleius, De Mundo 3.705.) Hierdie proses van suiwering word herhaaldelik in die Isisgodsdiens teruggevind. Met die begin van die Isisverering in Rome het sy nie streng eise gestel aan 'n morele kode nie. "Identified with Venus as Harpocrates was with Eros, she was honoured especially by the women with whom love was a profession" (Cumont, 1956, p. 102.) Dit was nie sonder rede dat die satiredigter, Juvenalis, die godin smalend die koppelaarster genoem het, en beweer het dat haar tempels 'n swak reputasie gehad het nie. (Juvenalis Sat. 6.489ff.) Later is 'n beter sedelike instelling nagestrewe. Dit was myns insiens meer die eis van die tyd as 'n noodsaaklike ontwikkeling, wat hierdie nuwe houding teweeggebring het. Tot op daardie stadium

---

4) "quis tamen tuto possint magna religionis committi silentia,......"

was boetedoening in die vorm van onthouding as 'n voorwaarde vir die deelname aan 'n godsdiens, iets nuuts in Rome.

Verskillende skrywers het egter melding begin maak dat om te vas van wyn en vleis en selfs van brood, deel gevorm het van die voorbereiding vir godsdienstige seremonies in Rome in die Isisgodsdiens.[5] Voor sy toetrede tot die godsdiens van Isis hoor ons wat Lucius, die held van Apuleius se "Metamorphoses" (Apul. Metam. 11.21.283[6]) sê.

Dit was egter boetedoening op die wyse van seksuele onthouding wat die digters die meeste beïndruk het en baie deur vroue in die tyd van Augustus gedurende "puri.....dies" beoefen is.

Propertius het gekla oor die aaklige ritus van Isis wat sy geliefde Cynthia weer eens tien dae van hom weggehou het (Propertius, Eleg. 4.5.34 en 2.33.1-4).

Tibullus het dieselfde verwyt teen Delia en maak melding van die ritus wat die onthouding voorafgegaan het, wanneer sy haar liggaam gereinig het en ver weg van hom op haar kuise rusbank gelê het (Tibullus 1.3.23 + 24). Ook vir Ovidius het die Isisgodsdiens sekere eensame nagte ingehou (Ovid.Am. 1.8.73 + 74[7] + 3.9.33-34[8]).

---

5) Apul. Metam. 11.23.285, 11.28.289, 11.30.290, Arnobius, Adversus gentes, 5.1B, Plutarchus, De Iside et Osiride 4-7).
6) "cibis profanis ac nefariis iam nunc temperarem, quo rectius ad arcana purissimore religionis secreta pervaderem"
7) "Saepe nega noctes; capitis modo finge dolorem; Et modo quae causas praebeat, Isis erit".
8) "Quid vos sacra iuvant? Quid nunc Aegyptia prosunt Sistra? Quid in vacuo secubuisse toro?"

Juvenalis het vertel dat wanneer Isisvolgelinge in gebreke gebly het om aan die godin se vereistes te voldoen, hulle die ys in die Tiber gebreek het en van tempel tot tempel op bloeiende knieë in die strate gekruip het, hopende dat hulle foute so vergewe sou word en hulle so van hulle sondes verlos kan word (Juv. Sat. 6.522-526[9]).

4.3.1.3 Pelgrimsreise

Isisvolgelinge sou selfs na Egipte gaan om heilige water vir die tempel in Rome te gaan haal indien die godin dit sou vra (Juvenalis Sat. 6.526-529[10]).

4.3.1.4 Offers

Wanneer 'n man uitgevind het dat sy vrou nie aan die vereistes van die "puri.....dies" voldoen het nie, het hy die godin met trane om vergiffenis gesmeek en 'n gans en 'n stuk koek as vredesoffer aangebied (Juvenalis. Sat. 6.535-41). Wanneer 'n altaar in Rome aan Isis gewy, ontheilig is, moes die godin om vergiffenis gevra word. Dit was veral in so 'n geval dat Isisvolgelinge in Rome die hulp van die priester ingeroep het. Die priester het nie alleen vir die sondaar by Isis ingetree nie, maar het 'n plaasvervanger geword en self gestrewe en gesmeek en miskien nog die sonde bely (Petazzoni La Confessione, 2.48 soos aangehaal in Heyob, 1975, p. 66).

---

9) Vergelyk ook hier Seneca, De Vita Beata 26.8.

10) "Si candida iusserit Io, ibit ad Aegypti finem calidaque petitas a Meroe portabit aquas ut spargat in aede Isidis, antiquo quae proxima surgit ovili".

4.3.1.5 Die Doop

In die Isisgodsdiens was die konsep van gees en water baie belangrik. Die teken en die innerlike belewenis was een. In sy Metamorphoses vertel Apuleius hoe 'n priester vir Lucius na die baddens gelei het en eers heeltemal laat afwas het. Dit was 'n werklike reinigingseremonie. Daarna het die priester, die godin om vergiffenis gesmeek en vir Lucius met water besprinkel (Apul. Metam. 11.23.284[11]). Deur die doop het die godin aan Lucius die ewige lewe belowe, want sy sê: "Met getroue diens, godsdienstige handelinge en voortdurende reinheid sal jy my waardig wees .... onthou dat ek alleen die mag het om jou lewe te verleng, langer as dit wat die lot vir jou weggelê het." (Apul. Metam. 11.6.271[12].) Later het die suiwerheid van die liggaam deur die doop, suiwerheid van die hart geïmpliseer in die Isisdiens. "Purity of the heart, rather than cleanliness of the body was demanded. Renunciation of sensual pleasures was the indispensable condition for the knowledge of divinity, which was the supreme good" (Bailey, 1972, p. 188).

4.3.1.6 Selfkastyding

Daar is reeds melding gemaak van Isisvolgelinge wat drie maal ondergeduik het in die ysige water van die Tiber en met bloeiende knieë op die ys gekruip het, van heiligdom tot heiligdom. In hoofstuk drie is opgemerk dat keiser Commodus

11) "deducit ad proximas balneas et prius sueto lavacro traditum, praefatus, deum veniam, purissime circumrorans abluit rursumque ad templum reductum.

12) vgl...."et cum spatium saeculi, tui permensus ad inferos demearis"........,.........

Isisaanbidders gedwing het om hulleself te kasty deur hulleself met dennebolle op die borste te slaan. Hierdie verskillende vorme van selfkastyding was algemeen. As 'n persoon in die volkome blydskap wat Isis aan hulle kan gee moes hulle ook bereid wees om dieselfde swaar te verduur as wat hulle godin op aarde verduur het.

### 4.3.2 Inisiasie en gemeenskap

#### 4.3.2.1 Traditio sacrorum

Die klem het hier meer geval op die dinge wat gedoen is, dinge wat gesê is en die vertoning van heilige dinge (sacra). Die simbole wat betrekking gehad het op die lyding van Isis was belangrik. Deur hallusinasie, hipnotisme, en suggestie het die Isisvolgeling 'n identifikasie met sy godin ondervind (Apul. Metam. 11.24. 286[13]).

#### 4.3.2.2 Regenerasie

Plato het gesê dat om te sterf is om ingewy te word. Om te sterf is om weer gebore te word. Sondes word vergewe en daar is 'n nuwe mens, 'n nuwe intimiteit met die godheid (Apul. Metam. 11.21.283).

Lucius, die held van Apuleius se Metamorphoses het in die tempel van Isis gaan woon waar hy elke dag sy liggaam kon reinig en was en die beeld van Isis kon bewonder. In die nag het die godin aan hom verskyn in sy drome, totdat hy seker daarvan was dat dit haar wens was dat hy hom moes laat inwy in haar godsdiens. Nadat die priester om die vergewing

---

13) "dies etiam tertius pari caerimoniarum ritu celebratus .....voluptate simulacri divini perfruebar......"

van Lucius se sondes gevra het is Lucius gedoop (Apul. Metam. 11.23.284). Na tien dae, waarin hy weer moes vas en sy liggaam elke dag moes reinig, het die werklike inwyding begin.

As volgeling van Osiris moes hy ook sterf soos Osiris gesterf het, sodat hy weer gebore kon word. Omdat daar nie oor die seremonies gepraat mag word nie, sê hy net dat hy deurgedring het na die uiteindes van die aarde en dat hy die drumpel van die doodsdal betree het en die tuiste van Proserpina bereik het. Verder is hy gedra deur al vier elemente en het hy weer teruggekeer (Apul. Metam. 11.23.285[14]).

### 4.3.2.3 Ekstase

Hier het die liggaam van 'n Isisvolgeling opgehou om vir die gees 'n hindernis te wees. Die persoon het tot 'n toestand van "anaesthesia" gekom. Hierdie vorm van "ekstasis" waarin die persoon vol van sy godheid geword het, het nie net bestaan vir hulle wat buitengewone posisies beklee het nie, maar ook vir die nederigste lid. Die aanbidder kon of passief voor die beeld van die godin bly sit en mediteer óf aktief op 'n orgiastiese wyse van sy liggaam vergeet en in ekstase vir Isis ontmoet.

### 4.3.2.4 Apotheosis

Lucius het hom op mistieke wyse met sy godheid geïdentifiseer. Hy vertel dat hy die son teen middernag gesien het. Hy was in die teenwoordigheid van die son, bo en onder die aarde,

---

14) "accessi confinium mortis et calcato Proserpinae limine per omnia vectus elementa remeavi,....".

waar hy hulle van aangesig tot aangesig aanbid het (Apul. Metam. 11.23.285[15]).

4.3.2.5 Sympathia

Dat die gode kon ly, struikel, sterf en weer opstaan was vreemd vir die Romein. Dat 'n volgeling in "sympathia" met Isis kon wees, was 'n belangrike konsep in die Isisgodsdiens: Plutarchus het van die godin Isis beweer dat sy swaar gely het op aarde, dat sy diepe droefheid ervaar het en dat dit haar siel soos dié van 'n mens gemaak het.

Hier is Isis as "mater dolorosa" veral belangrik. Dat sy met haar kind in haar arms en 'n treurige uitdrukking op haar gesig talle kere afgebeeld is en deur duisende so aanbid is, het nie sonder meer met die verdwyning van die Isisgodsdiens tot 'n einde gekom nie. Talle skrywers maak melding van die feit dat sy 'n voorgestalte was van Maria met die kind, Jesus.[16] Dit is belangrik dat Roscher 'n uitgebreide ondersoek gemaak het oor "Isis mit Jungfrau Maria identificiert". Myns insiens is die gevoel van "sympathia" met die godin Isis in die sinkretisme met die latere Christendom nie summier onderdruk nie en het dit voortgelewe in die aanbidding van die Madonna en kind in die Rooms Katolieke Kerk.

---

15) "nocte media vidi solem candido coruscantem lumine, deos inferos et deos superos accessi coram et adoravi de proxumo."

16) Chambers's Encyclopaedia, vol. 7, p. 762; De Grote Winkler Prins, vol. 11, p. 182; Der Große Brockhaus, vol. 5, p. 744; James, 1966, p. 266; Oosthoek Encyclopaedia, vol. 8, p. 786; Zielinsky, 1926, p. 121; Bibliotheca Orientalis, vol. 27, 1970, p. 207. Roscher, 1882-1921, pp. 429-432.)

### 4.3.2.6 Heilige Feeste en Seremonies

#### 4.3.2.6.1 Die Daaglikse Liturgie in die Isistempel

Die daaglikse liturgie van Isis in Rome was uit Egipties in Grieks en heelwaarskynlik in Latyn vertaal (Cumont, 1956, p. 95). Elke dag is daar 'n diens gehou, waarskynlik op dieselfde wyse as in die Nylvallei in Egipte. Wanneer die son opkom, het witgeklede priesters die heiligdom met 'n plegtige seremonie oopgesluit ("apertio") (Apul. Metam. 11.22.284[17]). Daarna is die beeld van die godin ontbloot en aan haar volgelinge gewys in die "naos" wat gedurende die nag gesluit was (De Lepper, 1950, p. 175). Vervolgens is die beeld van die godin versier met gewade en kleinode wat haar aanbidders geskenk het.

'n Priester het die heilige vuur aangesteek en plengoffers is gebring met water wat uit die Nyl afkomstig was. Gedurende die ritus het hy gewyde liedere gesing met begeleiding van fluite. Daarna is die godin wakker gemaak. Gedurende die dag is die beeld van Isis aangetrek en versier met pragtige juwele. Die werk is verrig deur die "ornatrices" of die "stolistes". In die oggend is die beeld van die godin aan die ingewydes getoon. Hulle het in stille aanbidding na haar gestaar en gemediteer. In die middag is die tempel met 'n tweede reeks verrigtinge gesluit (Cumont, 1956, p. 96). Die wit klere en die herhaaldelike rituele suiwering met water toon duidelik die godin se aandrang om reinheid en suiwerheid.

Toe Tibullus siek was op Korfu, het hy sy geliefde Delia soos volg aangespreek: "Kom my nou te hulp, o godin,........dan sal my Delia, haar gelofte getrou, in 'n binnekleed voor u

---

17) "Rituque sollemni apertionis celebrato ministerio" vgl. 11.20.281" templi matutinas apertiones....."

heilige deur sit en twee maal per dag met loshangende lokke u lof verkondig, ŉ stigtelike skouspel vir die vereerders van die Egiptiese godin (Tibullus 1.3.23-32[18]). Hierin sien ons hoe die behoefte aan persoonlike gebied, wat tot op daardie tydstip in die Romeinse godsdienste ontbreek het, vervul is. Die intieme werking van die daaglikse liturgie het ŉ sterk inwerking gehad op die denke en gevoel van die gelowige Isisvolgelinge in Rome.

4.3.2.6.2 "Navigium Isidis"

Behalwe die daaglikse ritus van die Isisgodsdiens is die begin van vakansies, wat ŉ nuwe seisoen aangedui het, elke jaar op dieselfde dag gevier. Een van die kleurrykste feeste wat in Rome gevier is, is die "Navigium Isidis". Hierdie fees is op die 5de Maart gehou wanneer die seevaart ná die winter heropen is. Daar bestaan nie beskrywings van hóé die fees in Ostia en Portus gehou is nie, maar daar is wel aanduidings van die fees van Castor wat by die mond van die Tiber gehou is.

Apuleius gee egter ŉ uitvoerige beskrywing van die fees by Cenchreae[19] (Apul. Metam. 11.8-11 + 16. 272-275, + 278-279). Verder is daar twee frescoes te Herculaneum wat meer lig werp op die onderwerp (Angus, 1925; p. 123 + 124). ŉ Lang prosessie van Isisvolgelinge het van die Isistempel na die ankerplek in die see gestap. Heel voor was ŉ komiese groep figure. ŉ

---

18) "Ante sacras lino tecta fores sedeat; Bisque die resoluta comas tibi dicere laudes Insignis turba debeat Pharia".

19) Griffiths, The Isis-Book, 1975, pp. 79ff.

Soldaat met 'n lyfband om sy middel het saam met 'n jagter, uitgedos in 'n fantasiekostuum, die voorhoede gevorm. Iemand, soos 'n vrou aangetrek met juwele en 'n pruik op, swaardvegters, 'n filosoof en 'n amptenaar in 'n pers ampsgewaad, het hulle gevolg. 'n Mak leeuwyfie, soos 'n Romeinse vrou aangetrek en in 'n draagstoel gedra, 'n apie met 'n kappie op, en 'n donkie met vlerke aan sy rug vasgemaak, wat langs 'n ou man geloop het, het verder die voorhoede gevorm. Hierna het vrouens gevolg, geklee in glinsterende wit gewade versier met lentebloeisels. Hulle het blomme gestrooi so ver as wat hulle gegaan het. Sommige van hulle het spieëls en ivoorkamme gedra en ander het parfuum gesprinkel wat 'n soet geur langs die pad laat hang het. Op hulle hakke het die "stolistes" wat die godin se klere rondgeswaai het en die "dadophori", met brandende lampe en fakkels, gevolg. Die "hymnodes" se liedere is vermeng met die geluid van fluite en die geklank van kopersimbale. Telkens is daar uitgeroep: "Maak plek vir die prosessie!". Na die "hymnodes" het die groot groep ingewydes van Isis, gekleed in wit linneklere, gevolg. Die hare van die vrouens onder die sluiers, was geparfumeer en die mans kon uitgeken word aan hulle kaalgeskeerde koppe. Die deurdringende klank van koper en silwer tamboeryne is orals gehoor.

Ten slotte het die priesters, ook gekleed in wit linne, aangekom. Hulle het die embleme van Isis en haar medegode gedra. Die eerste priester het 'n goue lamp, in die vorm van 'n boot, gedra. Die volgende priester het 'n hoë altaar met albei hande in die lug gehou. 'n Derde priester het 'n palmstok met goue blare, en 'n herderstaf soos dié van Mercurius gedra. Agter hom het 'n priester geloop met die embleem van reg en geregtigheid in 'n uitgestrekte linkerhand. Hy het ook 'n goue beker, in die vorm van 'n vrou se borste gedra, waaruit hy drankoffers van melk gegiet het. Die vyfde priester het 'n groot goue mandjie, gemaak van lourierblare, in sy hande gehou en hy is bygestaan deur 'n man met 'n wynkruik in sy hande. Priesters met gemaskerde godegesigte het die optog afgesluit. Een

van hulle was Anubis, met sy hondegesig, swart aan die een kant en goudkleurig aan die ander kant. Ook die priester met die beeld van 'n koei op sy skouers - die vrugbaarheids-embleem wat aan Hathor-Isis herinner - was opvallend.

Die prosessie het kort-kort langs die pad stilgestaan by altare waar die heilige voorwerpe oopgemaak is vir eerbetoon deur die getroue volgelinge. Hier verdien die naam van "pausarii" vermelding. Hulle het hulle naam verkry van die verskillende haltes (pausae) waarby hulle, tydens 'n prosessie, vertoef het. Cumont maak melding van die "pausarii" wat genoem word in sekere inskripsies (Cumont, 1956, p. 97). Dit is vir my opmerklik dat die Rooms Katolieke kerk vandag nog steeds in Jerusalem haltes op die heilige "via dolorosa" het. Wanneer die prosessie die weg bewandel op feesdae word seremonies by elke halte gehou. Dit is vir my aanvaarbaar dat daar 'n inwerking van die Isisgodsdiens op die Roomskatolieke kerk se gebruike in hierdie geval is.

Wanneer die Isisprosessie by die see aangekom het, kon almal 'n skip op die water sien, met hiërogliewe op sy boeg geverf. Op die glinsterende wit seil van die skip is daar 'n gebed aan Isis geskrywe waarin die godin se beskerming van die see-vaart gedurende die nuwe seisoen gevra is. Terwyl hy die skip op simboliese wyse gereinig het, het die hoëpriester, 'n brandende fakkel, 'n eier en fosfor omhoog gehou. Terself-dertyd het hy gebid, die skip aan Isis gewy en na haar ver-noem. Hierna het die ingewydes en die gewone volgelinge die skip volgelaai met mandjies, opgehoop met speserye en ander offerandes. Plengoffers van meel, gemeng met melk, is hierna op die golwe gegooi. Nadat die skip volgelaai is met geskenke en geskriftetekens, is dit losgemaak van sy ankers en wanneer dit bemanningloos in die verte verdwyn het, het die draers van die beelde en tekens weer hulle las opgeneem en in dieselfde volgorde na die tempel teruggekeer.

In die tempel het die "lector", een van die priesters, die "pastophori" byeengeroep en van 'n hoë platform af gebid vir die heil van die keiser, die senaat, die hele Romeinse volk, matrose en skeepvaart. Hierna het hy, volgens die Griekse ritus, in Grieks die tewaterlating van die skepe uitgeroep. Uiteindelik het die skare van Isisvolgelinge, uitgelate van blydskap, takke en kranse voor Isis se standbeeld neergelê en nadat haar aanbidders die voete van die godin gesoen het, het almal huiswaarts gekeer.

4.3.2.6.3 Inventio

"But of all the celebrations connected with the worship of Isis, the most stirring and the most suggestive was the commemoration of the Finding of Osiris" (Cumont, 1956, p. 98.)

Die kalender van Philocolus, uit die 4de eeu v.C. dui aan dat die dae vanaf 28 Oktober tot 1 November afgesonder is vir die Inventio (Isia). Sharon Heyob beweer dat H. Stern in sy "La date de la fête d'Isis die mois de novembre a'Rome" verduidelik dat die fees tot 3 November in Rome gehou is (Heyob, 1975, p. 54).

In die klassieke kultuur is daar ongelukkig geen volledige beskrywing van hierdie fees nie. Ons beste getuienis vind ons op die skildery aan die noordwestelike muur van die "sacrarium" van die Isistempel te Pompeji, en uit verwysings van klassieke skrywers soos Augustinus en Firmicius Maternus. So ver ons kan aflei uit die muurskildery (Tran Tam Tinh, 1964, pp. 143-44 (Pl. x.1) kan die verloop van die fees soos volg geskilder word: Onder luide geweeklaag het Isis met die hulp van Nepthys en Anubis, gesoek na die lyk van Osiris wat deur Typhon gedood en in stukke gekap is. Die godin het die liggaamsdele gevind, dit aanmekaar gesit en Osiris het herleef. Op die genoemde muurskildery staan 'n vrouefiguur, met lang swart hare en 'n lotusblom op haar kop, in 'n boot. Sy hou 'n tou vas wat vasgebind is aan 'n tweede boot. Hierin lê 'n kis, waarop 'n voël met swart vlerke geverf is. Dit is in alle waarskyn-

likheid Isis, nadat sy Osiris gevind het. Wanneer Osiris herleef het, het die getreur van die volgelinge verander in 'n luide, uitgelate gejubel. Augustinus het melding gemaak van hoe die volgelinge van Isis hartseer en vreugde nageboots het (Aug. De Civitate Dei 2.6.10[20]).

Die fees wat op die herrysenis gevolg het, het baie in gemeen gehad met die lentefees van die Magna Mater. Priesters het sekere seremonies uitgevoer gedurende die bewening. Die aanbidders het 'n goue kalf met 'n swart linnesluier bedek om die rou van Isis te versinnebeeld. Wanneer die oomblik dat Osiris gevind en lewendig gemaak is, aangebreek het, het hulle egter uit die tempel gegaan. Op die Romeinse kalender is die fees ook "Hilaria" genoem. Die menigte het so luidkeels geskreeu: "Osiris is gevind!" dat omstanders hulle daarvoor vererg het (Cumont, 1965, p. 98).

Verskillende skrywers het melding gemaak van dié fees. Firmicius Maternus het gepraat van jaarlikse geleenthede wanneer die volgelinge van 'n Egiptiese godsdiens met geskeerde hoofde voorgee om die liggaam van Osiris te soek. Terwyl hulle dit gedoen het, het hulle aanhoudend geween, op hulle borste geslaan, hulle arms verwond en die rowe van ou wonde afgeskeur. Ook die uitgelate vreugde word beskryf wanneer die liggaam van Osiris weer gevind is (Firmicius Maternus, Err.Prof.Relig. 2.3[21]).

---

20) "nam cum in sacris Aegyptiis Osirim lugeri perditum, mox autem inventum magno esse gaudio derisisset, cum perditio eius inventio fingatur, dolor tamen ille atque laetitia ab eis qui nihil perdiderunt nihiloque invenerunt, veraciter."

21) "Haec est Isiaci sacri summa: in adytis habent idolum Osiridi sepultum; hoc annuis luctibus plangunt, radunt capita, ut miserandum regis sui turpitudine dehonestati defleant capitis tundunt pectus, lacerant lacertos, veterum vulnerum resecant cicatrices, ut annuis luctibus in animis uxorum funestae ac miserandae necis exitium renascatur. Et cum haec certis diebus fecerint, tunc fingunt se lacerati corporis reliquias quaerere, et cum invenerint, quasi sopitis luctibus gaudent".

Die beskrywing van Minucius Felix stem hiermee ooreen (Minucius Felix, Octavius. 22.1[22]). In sy Octavius vertel hy hoe die ongelukkige volgelinge op hulle borste geslaan en die droefheid van 'n ongelukkige moeder nageboots het en hoe die priesters gejuig het as Osiris gevind is. Hierdie ritus moes 'n groot indruk op die Romein in Rome gemaak het.

Die openbare vertoon van vrouens in rougewaad, wat treur oor Osiris, was so algemeen in Rome dat Statius daarna verwys het (Statius, Silvae 5.3.242-5). Heidense en Christenskrywers maak geamuseerd melding van die herhaaldelike gesoek en praat minagtend van die groot gejuig wat daarop gevolg het. Ovidius spot met die ritus en praat van Osiris na wie nie in werklikheid gesoek is nie (Ovid. Met. 9.693[24]).

"The display of grief involved in the Isia was public. While the population at large was acquainted with the myth behind it, those mourners, who were initiated seem to have been more intimately bound up with these rites. This was not mere play-acting for them. In some secretive way these rites signified eternal life for those who had been initiated" (Heyob, 1975, p. 57). Die Isisvolgelinge het dus nie net in "sympathia"

---

22) "Considera denique sacra ipsa et ipsa mysteria: invenies exitus tristes fata et funera et luctus atque planctus miserorum deorum. Isis perditum filium cum Cynocephalo suo et caluis sacerdotibus luget plangit inquirit, et Isiaci miseri caedunt pectora et dolorem infelicissimae matris imitantur; mox invento parvulo gaudet Iis, exultant sacerdotes, Cynocephalus inventor gloriatur, nec desinunt annis omnibus vel perdere quod inveniunt vel invenire quod perdunt."

23) ".....te sentit, habetque
te videt et tumulos ortuque obituque salutat, ut Pharios aliae ficta pietate dolores. Mygdoniosque colunt et non sua funera plorant".

24) ......"numquam satis Osiris quaesitus."

met hulle godin opgetree nie, maar die hele fees het vir hulle 'n verwerkliking geword van die verkryging van 'n lewe anderkant die graf.

### 4.3.3 Seën en Verlossing

Isis het aan Lucius belowe dat wanneer sy lewe tot 'n einde kom, hy haar sal ontmoet in die ander wêreld en in die velde van Elesium en haar daar sal aanbid as sy beskermster. Deur haar voorsienigheid sal daar vir hom verlossing wees (Apul. Metam. 11.5.270[25]). Wanneer hy sy lewe afgelê het, sal hy haar in die hiernamaals aanbid (Apul. Metam. 11.6.271).

Plutarchus skrywe dat haar volgelinge van haar kan leer om alle boosheid te oorwin en sodoende die ewige lewe beërwe (Plutarchus De Iside et Osiride 1.351). In 1.2 is melding gemaak van die Nyl wat in Egipte "lewe" beteken. Dit het in die tyd van die Isisgodsdiens in Rome sy betekenis behou. Die frase, "Mag Osiris u koel water toereik" is op vele grafstene in Rome gevind (Leopold, 1918, p. 112). Die water het "'n geseënde hiernamaals" beteken. Cumont beweer tereg dat die water van Osiris die fontein van lewe is, wat onsterflikheid uitgiet oor dorstige siele (Cumont, 1956, p. 102).

Cumont noem verder dat hierdie term sy betekenis behou het in die Christelike kerk, en dat dit nie sonder waarde is nie, aangesien dit 'n definitiewe bewys lewer vir die Egiptiese oorsprong van gebed vir die gestorwenes (Cumont, 1956, p. 102). Dit was onbekend in die Grieks-Romeinse heidendom wat tót die dooies gebied het, maar nie vír die dooies nie.

In al die offers, harde werk, selfkastyding, asketisme en inisiasie lê daar 'n wonder van verlossing en die verkryging van

---

25) "iam tibi providentia mea inlucescit dies salutaris".

ʼn salige hiernamaals vir die Isisvolgeling opgesluit.

## 4.4 VOORBEELD VAN 'N GEBED AAN ISIS

"U, o Isis, ewige bron van heil vir die menslike geslag, wat sterwelinge koester in u barmhartigheid ....... Daar gaan geen dag, geen nag, selfs geen oomblik verby sonder dat u ʼn weldaad verrig nie....... Ek is arm en kon u niks gee nie, maar ek kan ten minste vir u die hulde van ʼn vrome gemoed bring, u heilige beeld sal steeds gegrif bly in die diepste geheim van my hart" (Apul. Metam. 11.25. 286, 287).

Daar lê ʼn uitgerekte ontwikkeling van godsbegrip tussen die gebed van Lucius in die tweede helfte van die 2de eeu n.C. en die gebed van ʼn primitiewe herder uit die prehistoriese tyd van Rome. "As ek my diere op heilige grond laat wei het, of as ek neergesit het onder ʼn heilige boom, of as een van my skape, sonder dat ek dit geweet het, gewei het op ʼn graf; as ek op ʼn verbode kreupelbossie gestaan het, of as my sekel ʼn heilige bos beroof het van ʼn blaarryke tak waarvan ek die loof aan ʼn siek skaap wou gee, vergewe dan my sonde" (Sassen, 1943, p. 152).

## 4.5 AMPSDRAERS VAN ISIS IN ROME

ʼn Karakteristieke eienskap van die Isisgodsdiens in Rome was die sterk lekedom. Volgelinge is saam verbind in godsdienstige groepe en hierdie groepering het aan die Isisvolgelinge hulle krag verleen. Die gewone aanbidders van die godsdiens kan in drie lae ingedeel word. Die onderste laag het bestaan uit eenvoudige volgelinge wat in los groepe of heeltemal ongeorganiseerd was. Die middelste groep het bestaan uit aanbidders wat aan ʼn sterk georganiseerde godsdienstige vereniging behoort het, waar ʼn priester aan die hoof gestaan het. Aan die boonste

laag het die volgelinge behoort wat sulke hoë funksies onder die volgelinge vervul het, dat hulle dikwels gelykgestel is aan, of verwar is met die priesters. Aan die laaste groep het die ingewydes behoort (Vidman, 1970, p. 66).

Op grond van inskripsies is dit moontlik om 'n rangorde onder die ingewydes te bepaal. In Rome het daar aan die hoof van die priesters 'n "propheta" gestaan (Wissowa, 1902, p. 299). Van Apuleius leer ons dat daar meer as een hoëpriester of profeet kon wees met die name "egregius sacerdos", "summus sacerdos", "maximus sacerdos" en "primarius sacerdos".

Na die profete het die "stolistes" die tweede hoogste posisie beklee. Skrywers, astroloë en sangers het ook tot die hoër priesterklas behoort. Die "pastophori" het die hoogste posisie beklee onder die gewone priesterklas. Sodra 'n priester tot die "pastophori" toegelaat is, moes hulle weer hulle koppe heeltemal kaal skeer (Apul. Metam. 11.30.291). Hulle het die eer gehad om met prosessies die klein kapelletjies met afbeeldinge en simbole van die gode te dra. Ook die "Anubiaci" en die "Bubastiaci" wat by dergelike geleenthede in die kostuums van Anubis en Bubastis opgetree het, het ereplekke ingeneem.

Tran Tam Tinh het die "neocorus" onder die hoëpriester gestel (Tran Tam Tinh, 1964, p. 92). Vidman daarenteen beweer dat dit duidelik blyk uit die posisie wat die "neocori" in inskripsies ingeneem het, dat hulle geplaas moet word onder die laer priesterstand (Vidman, 1970, pp. 57, 58). Hieronder verdien die "pausarii" ook vermelding[26].

Die oudste inskripsie in Rome wat melding maak van 'n priester van Isis dateer uit die tydperk voor 58v.C. (Vidman, 1970, p. 53). Die inskripsie is 'n lys van lede van die "gens

---

26) Vgl. 4.3.2.6.2 supra.

Caecilia" onder wie T. Sulpicius T.f., "sacerdos Isidis Capitolinae" was. Daar kan geen afleiding gemaak word of Sulpicius vir 'n jaar of langer die amp beklee het nie.

Ook Polla Caecilia Spuri filia word sonder enige verwysing genoem (Heyob, 1975, p. 86). Die laaste inskripsie i.v.m. Isisvolgelinge in Rome dateer uit die jaar 390n.C. en maak melding van 'n priesteres van Isis (Vidman, 1975, p. 85).

Uit bogenoemde bewyse van inskripsies kan aanvaar word dat die Isisgodsdiens in Rome beoefen is vanaf ongeveer die jaar 60v.C. - 400n.C.

Vidman reken dat daar geen priesteresse met 'n hoë rang, "sacerdos", voor die keisertyd bestaan het nie (Vidman, 1970, p. 49). In die keisertyd was die algemene tendens om permanente priesters aan te stel en nie net vir een jaar soos die gebruik vroeër was nie. Priesters en ondergeskikte amptenare met die laagste range is lewenslank aangestel. In navolging van die Egiptiese gewoonte sou dit ook kon gebeur het dat die priesterampte oorerflik was (Vidman, 1970, p. 53).

Wanneer 'n vrou op haar graf uitgebeeld is in die kleed van 'n Isispriesteres en daar geen verdere aanduidings in die inskripsie is nie, is dit algemeen aanvaar dat sy 'n priesteres tot en met haar dood was. Verskillende sulke grafstene het in Rome voorgekom. Hiervolgens behoort die persentasie vrouens wat aan die Isisgodsdiens deelgeneem het in die 3de en 4de eeu n.C. op 37,1% te staan. In 36 van die 97 inskripsies word van vrouevolgelinge gepraat (Heyob, 1975, p. 91). Aangesien Heyob as vrou hiervan 'n deeglike studie gemaak het, en 'n diepe belangstelling in die saak het, aanvaar ek haar mening hieroor. Dit is nie seker of daar 'n soort amp soos die van 'n diaken in die Isisgodsdiens was nie. Daar is wel aanduidings in die klassieke literatuur dat priesters vir hulle god geld ingesamel het. Ovidius het gesê dat niemand 'n priester van Isis,

indien hy aanklop, met leë hande sou wegstuur nie. Net so min sal mense 'n dienaar van Cybele wegstuur, omdat die priesters nie vir hulleself nie, maar vir hulle god vra (Ovid. ex Pont. 1.1.37ff[27]).

## 4.6 VERNAAMSTE PLEK VAN AANBIDDING IN ROME TEMPEL VAN ISIS EN SARAPIS

Soos reeds in die vorige hoofstuk vermeld, is daar van die einde van die eerste eeu v.C. 'n stylvolle Grieks-Egiptiese tempel effens wes van die middel van die Marsveld opgerig, nie ver van die Saepta nie (Juvenalis, Sat., 6.529[28]). Nadat 'n brand in die tempel ontstaan het in 80n.C. het Domitianus dit pragtig laat herbou.

Alle inligting i.v.m. die opgrawings is verkry uit Lanciani s.d. Rome, pp. 92-98. Tot en met die opgrawings van Rodolfo Lanciani in 1883 was net die volgende bekend i.v.m. die tempel van Isis in Rome.

In 1374 is daar 'n obelisk ontdek onder die aps van die kerk van Santa Maria sopra Minerva. In 1435 het Eugenius IV twee leeus van Nektaneb I ontdek, asook twee van swart basalt wat vandag in die Kapitolynse museum is. Die altaar van Isis is in 1719 onder die Biblioteca Casanatense ontdek. Pietro Tranquilli het in 1858, tydens die restorasie van sy huis ontdek: 'n Sfinks in groen graniet waarvan die kop 'n ooreenkoms toon met die gesig van koningin Haths'epu, die oudste suster van Thotmes III: 'n sfinks gekap uit rooi graniet - volgens kenners, 'n Romeinse replika; 'n beeldegroep, bestaande uit die koei, Hathor, en die jong Farao Horemheb; 'n beeld van

27) "ecquis ita est audax, ut limine cogat abire iactantem Pharia tinnula sistra manu?"

28) "aedem Isidis, antiquo quae proxima surgit ovile".

Uahábra.

Verder is 'n suil van die tempel wat bedek was met reliëfs, ontdek. Die reliëfs het 'n optog van priesters met kaalgeskeerde hoofde en canopi in hulle hande, voorgestel. 'n Kapiteel met papirusblare en lotusblomme uit rooi graniet gekap, was nog 'n vonds.

In 1859 het Augusto Silvestrelli aan dieselfde kant van die straat vyf kapitele van dieselfde grootte ontdek.

Met Lanciani se opgrawings het hy heel eerste op 'n diepte van twintig voet, 'n pragtige sfinks - 'n afbeelding van Koning Amasis in swart basalt - gevind. Later is 'n goedbewaarde obelisk opgegrawe. Dit was oordek met hiërogliewe en gewy aan Rameses die Grote. Kort daarna is twee kynokephaloi of kerkopithekoi, gemaak van swart porfier, opgegrawe. Die twee monsters het vyf voet hoog gesit op hulle agterbene. Die pote van hulle voorbene het op hulle knieë gerus. Meer kunswerke is in die tyd gevind. Daar was 'n rooi granietkrokodil, die voetstuk van 'n candelabrum, met sfinkse op sy driehoekige punte, 'n tempelsuil met reliëfs waarop 'n Isisprosessie voorgestel is, asook 'n deel van die kapiteel.

Verder het Lanciani die belangrike ontdekking gemaak dat die hele tempel met sy suile en dubbele "cella" stuk vir stuk vanaf die oewers van die Nyl na dié van die Tiber vervoer is. Dit was geen namaaksels nie, maar oorspronklike Egiptiese bouwerke. Die eerste geloofwaardige vertelling uit klassieke bronne is dié van die geskiedskrywer, Flavius Josephus. Hy vertel hoe Tiberius na die aanranding van Mundus op Paulina, die priesters laat kruisig, die heiligdom laat verbrand en die standbeeld van die godin in die Tiber laat gooi het.
Hadrianus, Commodus, Caracalla en Alexander Severus het die tempel na sy opbou verfraai sodat dit aan die begin van die vierde eeu die "propylaia" aan beide punte van die "dromos" gehad het. Aan weerskante was daar nog een of twee pare

obeliske waarvan ses intussen ontdek is en wat tans in verskillende versamelings bewaar word. 'n "Dromos", of heilige wandelgang, het vanaf die "propylaia" gelei na die dubbele tempel. Die meeste van die beelde wat vermeld is onder die opgrawings moes in die "dromos" gestaan het. Van die tempel self het twee blokke graniet van die mure van die "cella", asook twee pilare met basreliëfwerk daarop oorgebly. Vandag is een van die blokke graniet in die Barberinituine en die ander in die Palazzo Galitzin te sien. Die twee pilare kan in die Kapitolynse museum en die sewe kapitele in die Vatikaan bestudeer word. Nicomachus Flavianus,[29] het in 394n.C. probeer om die godsdiens te laat herleef. Die reaksie hierop was noodlottig vir die tempel. Die beelde in die "dromos" is omgegooi, die neuse en pote van die sfinkse afgestamp en alle beelde van Farao's, priester, gode, en "pastophori" is van hulle voetstukke afgeruk en vernietig. Met sy opgrawings het Lanciani ook afgekom op die sfinks van Amasis wat op sy linkersy op die grond gelê het en op twee ape wat op hulle rûe geval het. Eienaardig genoeg is die obelisk wat Lanciani ontdek het, nie toe omgegooi nie. Dit moes in die agste of negende eeu geval het, nadat die vloer van die Iseum alreeds bedek was met opgehoopte rommel wat vyf voet diep gelê het.

Lanciani meen dat hy die volgende verklaring kan gee vir die feit dat daar so 'n groot hoeveelheid antieke stukke in daardie deel van die Campus Martius gevind is. Deur die eeue heen het fortuinsoekers en opgrawers slegs gesoek na goud en marmer. Niemand het belang gestel in porfier, graniet of basalt nie. Hy sê dat hy in sy opgrawings van 1883 'n juiste bewys vir hierdie stelling gekry het. Hy het 'n obelisk van graniet met 'n marmervoetstuk ontdek. Die obelisk was ongedeerd, maar die voetstuk was afgesplinter en verwyder (Lanciani, Rome s.d. pp. 92-98).

---

29) Vgl. hoofstuk 3.3.4.10.

## 4.7 GEHEIME TEKENS VAN ISIS

### Inleiding

Soos in die geval van die ander misteriegodsdienste - Magna Mater en Cybele se verering, asook Mithraïsme was absolute geheimhouding aan die kant van die ingewydes, 'n vereiste. Geen oningewyde is toegelaat om iets te wete te kom aangaande die mysteria nie. Daar is gebruik gemaak van simbole of tekens wat vir dié wat nie in die diens ingewy was nie, geen betekenis gehad het nie. Hierdie simbole of tekens het egter 'n mistieke betekenis of mistieke identifikasie met Isis of Osiris ingehou.

### 4.7.1 Die Isisbloed

Die Isisbloed was in ou Egipte 'n amulet in die vorm van 'n magiese knoop. Die benaming berus op die woorde uit die "Dodeboek", hoofstuk 156, wat soos volg begin: "U bloed behoort tot u, o Isis"[30]. Die teken kom dikwels voor in kombinasie met die Djed-suil van Osiris, 'n teken van ewigheid en 'n wassepter, wat geassosieer is met die begrip, "welsyn". Die Isisknoop was ook 'n teken van lewe en heil. Dit is dikwels in die hande van 'n mummie geplaas. Die gestorwenes wat dit aan die hals dra, sou deur Isis beskerm word, en dit het ook 'n verwelkoming in die koninkryk van Osiris verseker (Erman, 1977, pp. 16, 144).

### 4.7.2 "Cysta Mystica"

In die "cysta mystica" - geheime kissie - is die geheime van die Isisgodsdiens in Rome bewaar (Apuleius Met. 11.11). Die "cysta mystica" was onontbeerlik by die Isisfeeste soos blyk uit die beskrywing van die Isia deur Plutarchus (De Iside et

---

30) Dodeboek, hoofstuk 156 soos aangehaal in Grote Winkler Prins deel 10, p. 182.

Osiride 39.366F[31]).

Die "cysta mystica" verskyn aan twee kante van 'n marmeraltaar wat aan 'n Isispriesteres, Babullia Varilla, gewy is (Heyob, 1975, p. 62).

## 5. ISIS EN DIE CHRISTENDOM

Ons het reeds gesien dat verskillende gebruike by die Isisdiens bepaalde uitstaande ooreenkomste vertoon met die Christendom: Isis en Horus teenoor die maagd Maria en die Kind; Isis het 'n bepaalde reinigingseremonie gehad "the point of greatest attraction often was the promise of purification and eternal life" (Kraemer, 1957, p. 40) wat iets van die Christelike doop vertoon; die prosessies wat die beeld van Isis deur die strate gedra het, herinner aan die gebruik by die Rooms-Katolieke, asook Grieks-Ortodokse kerke, met hulle prosessies waar beelde ook deur die strate gedra word; verder is daar die lydende Isis teenoor Christus in sy lyde.

Dit is ook duidelik dat selfs die apostels al kennis van die Isiskultus moes gehad het. Witt wys daarop dat Isis en Hellas met mekaar geïdentifiseer is en dat die godsdiens op groot skaal in Caesarea in Palestina beoefen is. Dáár het Petrus die Christelike evangelie verkondig. Sy droomgesig was iets wat vir die Isisvolgeling baie aanneemlik sou wees. Paulus het van Caesarea na Puteoli vertrek waarvandaan hy na Rome gegaan het. Daar het die Isiskultus kort tevore staatserkenning van keiser Caligula verkry (Cambridge Philologicul Society, Isis-Hellas, 1966, p. 53).

---

31) "Ferebatur ab alio cista secretorum capax penitus celans operta magnificae religionis."

Hoe moet hierdie ooreenkomste verklaar word? Indien uitgegaan word van 'n neutrale godsdienshistoriese gedagte sou die antwoord waarskynlik wees dat die Isisdiens as die ouere godsdiens heelwat invloed op die Kerk uitgeoefen het en dat lg. "nuttige" elemente van die heidense godsdiens eenvoudig oorgeneem het.

Aangesien ek bely dat die Bybel die Woord van God is en dat daar maar een ware evangelie is, moet die antwoord nie godsdienshistories gesoek word nie, maar wel in die lig van God se openbaring.

Die oorwinning van die Kerk oor die Isisdiens is 'n oorwinning vah Christus oor die mag van satan, 'n oorwinning van die lig oor die duisternis. Dat die Kerk bepaalde heidense elemente van Isis oorgeneem het, kan nie ontken word nie. Nêrens in die Bybel word daar van 'n Maria-en-Kindverering melding gemaak nie; daarom is dit vreemd dat die Rooms-Katolieke kerk dit so prominent op die voorgrond stel. Dit is my oorwoë mening dat hierdie moeder-en-kindverering van die Isisdiens afkomstig is.

In Rome het Isis tydelik geheers, sy is daar oorwin maar het tog lank haar invloed laat geld.

---

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING

Al die faktore wat met die Volheid van die Tyd invloed uitgeoefen het op die godsdienstige lewe van die volkere rondom die Middellandse See was ook in Rome aanwesig. Rome was nie maar net 'n stad onder die baie ander bestaande stede van daardie tyd nie. Alle paaie het na Rome gelei. Vanuit Rome het die paaie ook na die hele Romeinse Ryk gelei. Die invloed van die beoefening van die kultus in Rome kon nie beperk gebly het tot die hoofstad alleen nie, maar moes uitgesirkel het na die verste uithoeke van die Romeinse Ryk. Net so sou enige invloede van die Isisgodsdiens op die Kerk en omgekeerd nie tot die plaaslike kerk in Rome beperk kan bly nie.

Die ou tradisionele godsdiens van die Romeine het nie meer bevredig nie en dit het 'n baie gunstige klimaat geskep, nie net vir die evangelie van Christus nie, maar ook vir die diens aan Isis, want ook Isis het verlossing aan haar volgelinge belowe en die hoop op 'n lewe anderkant die graf voorgehou. So alleen kan die vinnige opgang en verbreiding van hierdie godsdiens verklaar word.

Van haar volgelinge is nie slegs 'n meganiese gehoorsaamheid ten opsigte van 'n liturgiese handeling en offers gevra nie. Daar is van hulle verwag dat die diens van Isis in hulle harte sal lewe. Enigeen kan haar dus nie dien nie - slegs die ingewydes. Daarby het sekere eienskappe van hierdie godsdiens dit ook besonder aantreklik gemaak, bv. die geheimhouding.

Dat meer as net uiterlike handelinge van haar volgelinge verwag is, kom uit in asketisme. Hulle moes ook opofferings maak deur pelgrimsreise te onderneem, offers te bring en selfkasty-

ding toe te pas. Daarby het die mistieke reiniging in 'n vorm van doop ook die mense aangegryp. Vir die ingewydes is die weg gebaan om volle gemeenskap met die godin te hê. Deur die "traditio sacrorum" kan hulle hul met Isis identifiseer. Daarby het gekom: regenerasie of weergeboorte. Deur die ekstase en "apotheosis" het die gemeenskap meer intens geword en dit is nog meer versterk deur die "sympathia" die saamly met die godin.

Om die Isisgodsdiens in stand te hou was daar daaglikse liturgiese handelinge in die Isistempel. Die liturgiese handelinge was egter nie net tot die tempel beperk nie. Daar moes ook na buite propaganda gemaak word. Dit is gedoen deur die openbare prosessies - hoofsaaklik dié van die "Navigium Isidis" om die seën op die skeepvaart te vra en dié van die "Inventio" wanneer Osiris gesoek en gevind is. Deur dit alles is seën en verlossing belowe en ontvang. Dit was ook belangrik dat die Isisvolgelinge nie net deur liturgiese handelinge met haar in verbinding kan tree nie maar ook deur die gebed waardeur sy altyd vir haar vereerders toeganklik was. 'n Verdere belangrike eienskap van die Isisdiens was dat daar nie net "professionele" priesters was nie, maar dat enigeen van die ingewydes (ook vroue), in elk geval 'n tyd lank, tot die priesterskap kan toetree. Dit het die "hoë" amp vir elkeen van haar volgelinge toeganklik gemaak. Die vernaamste plek van aanbidding van Isis in Rome was die tempel van Isis en Sarapis op die marsveld wat deur Domitianus in 80n.C. pragtig herbou is, nadat dit deur 'n brand beskadig is.

---

# BIBLIOGRAFIE

## PRIMÊRE BRONNE


APULEII, 1825. Librum de Mundo. Opera Omnia, ex editione oudendorpiana in visum Delphini. Volumen tertium. 7 volumes. Londini, A.J. Valpy.

APULEIUS OF MADAUROS, 1975. The Isis-book, (Metamorphoses, Book XL), Edited with an introduction, translation and commentary by J. Gwyn Griffiths. Leiden, E.J. Brill.

AUGUSTINUS, 1958. De Civitate Dei. Vol. II (Loeb) with an English Translation by William M. Green. (7 Volumes) Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.

AUGUSTINUS, 1957. De Civitate Dei. Vol. 3 (Loeb) with an English Translation by David S. Wiesen. (7 Volumes) Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.

DIO CASSIUS, 1961. Dio's Roman History (Loeb) with an English Translation by Earnest Cary. (9 Volumes) Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.

DIODORUS SICULUS, 1960. Vol. 1 (Loeb) with an English Translation by C.H. Oldfather. (12 Volumes) London, Harvard University Press.

EUTROPIUS, 1821. Breviarium historiae Romanae. Ex edit. Henrici Verheyk. Vol. 2. London, A.J. Valpy.

HERODOTUS, 1926. Historiae. Vol. 1 (Loeb) with an English Translation by A.D. Godley. (4 Volumes) London, Harvard University Press.

HORATIUS, 1964. The Odes and Epodes (Loeb) with an English Translation by C.E. Bennet. London, Cambridge Massachusetts Harvard University Press.

JOSEPHUS, 1965. Jewish Antiquities. Vol. 9 (Loeb) with an English Translation by L.H. Feldman. (9 Volumes) London, Harvard University Press, 1965.

JOSEPHUS, 1961. The Jewish War. Vol. 3 (Loeb) with an English Translation by H.St.J. Thackeray. (9 Volumes) London, Harvard University Press.

JUVENALIS AND PERSIUS, 1965. Saturae (Loeb) with an English Translation by G.G. Ramsay. Cambridge Massachusetts. Harvard University Press.

LUCANUS, M.A., 1962. De Bello Civili (Loeb) with an English Translation by J.D. Duff. London, Harvard University Press.

MINUCIUS FELIX, 1964. Octavius. Texte Etabl. et Traduit per Jean Beaujeu. Société D'Edition. Paris.

OVIDIUS, 1964. Metamorphoses (Loeb). Vol. 2 with an English Translation by F.J. Miller (2 Volumes) Cambridge Massachusetts. Harvard University Press.

OVIDIUS, 1965. Tristia + Ex Ponto (Loeb) by Arthur Leslie Wheeler. London, Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.

P. OVIDII NASONIS, 1821. Amorum. Opera Omnia. Ex edit. Burmann cum notis et interpretatione. In Usum Delphini. Vol. 1. London, A.J. Valpy.

PATROLOGIAE, 1844. Latinae. Cursus Completus. Patrologgiae Tomus 5. Parisiis Excudebat Sirou. In Via Dicta D'Amboise, Prés La Barriére D'Enfer. Ou Petit - Montrouge.

PATROLOGIAE, 1979. Latinae. Tomus 12. Firmicius Maternus De Errore Profanarum Religionum. Saneti Eusebii Accedunt Firmici Materni. Turnholti (Belgium) Typographi Brepols. Editores Pontifici.

PETRONIUS, 1908. Die Fragmentedes in Umdichtung van Alexander von Bernus. Verlag von G. Müller. München.

PLINY, 1969. Letters and Panegyricus. Vol. 2 (Loeb) with English Translation by B. Radice. (2 Volumes) Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.

PLUTARCHUS, 1970. De Iside et Osiride, edited with an introduction, translation and commentary by J.G. Griffiths. University of Wales Press.

PROPERTIUS, S.A., 1967. Elegiae (Loeb) with an English Translation by H.E. Butler. Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.

SENECA, 1965. Moral Essays (Loeb) Vol. 2 with an English Translation by John W. Basore. 3 Volumes. Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.

SCRIPTORES HISTORIAE AUGUSTAE, 1967. Vol. 1 (Loeb) with an English Translation by d. Magre. (3 Volumes) Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.

STATIUS, P. PAPINIUS, 1824. Sylvae. Opera Omnia. Ex editione Bipons. In Usum Delphini. Vol. 1 (4 Volumes) London, A.J. Valpy.

SUETONIUS, 1970. The Lives of the Caesars. Julius Caesar. Vol. 1 & 2 (Loeb) with an English Translation by J.C. Rolfe. (2 Volumes). Cambridge Massachusetts. Harvard University Press.

TACITUS, C. Annales recognovit brevique adnotatione instruxit C.D. Fisher, OXONII E Typographeo Clarendoniano. (20 Volumes).

TACITUS, C. 1967, Historiae. Fisher. OXONII. E Typographeo Clarendoniano.

TERTULLIANUS, 1931. Apologeticus. With an English Translation by T.R. Glover. London, Heineman. (Loeb) Cambridge Massachusetts, Harvard University Press. 1966.

TIBULLUS AND PROPERTIUS, 1917. Selections from. With introduction and notes by G.G. Ramsay. Oxford Clarendon Press.

TIBULLI ALBII, 1822. Opera Omnia. Ex editione I.G. Huschkius. Vol. 1. London, A.J. Volpy.

VALERII MAXIMI, 1823. Factorum Dictorumque Memorabilium. Vol. 2. (3 Volumes) Londini Curante et Imprimente A.J. Volpy.

VERGILIUS MARO P., 1967. Aeneid. With an English translation by H.R. Fairclough. Vol. 1. (2 Volumes) London, Harvard University Press.

VERGILIUS MARO P., 1966. Aeneid. With an English translation by H.R. Fairclough. Vol. 2. (2 Volumes) London, Harvard University Press.

SEKONDÊRE BRONNE


AALDERS, DR. G.J.D., 1951. Paulus en de Antieke Cultuurwereld. J.H. Kok N.V. Kampen.

ALFÖLDI ANDREAS, 1967. Studien zur Geschichte der Weltkrise Des 3 Jahr hunderts Nach Christus. Darmstadt, Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

ALTHEIM, FRANZ, 1938. A History of Roman Religion. London, Translated by Harold Mattingly. Methuen.

ANGUS, SAMUEL, 1971. The Environment of Early Christianity. New York, library Press. Freeport.

ANGUS, S., 1929. The Religious Quests of the Graeco-Roman World. London, John Murray.

ANGUS, S., 1925. The Mystery Religions and Christianity. London, John Murray.

BACHOFEN , J.J., 1967. Myth, Religion and Mother Right. London, Routledge and Kegan Paul.

BAILEY, CYRIL, 1972. Phases in the Religion of Ancient Rome. Westport Connecticut, Greenwood Press Publishers.

BANDINELLI, BRIANCHI, 1971. Rome the late Empire. Translated from French by Peter Greene. London, Thames and Hudson.

BELL, H. IDRIS, 1957. Cults and Creeds in Graeco-Roman Egypt. Liverpool, At the University Press.

BERKHOF, DR H., 1955. Geschiedenis der Kerk. Callenbach, G.F. Uitgever Nijkerk.

BREASTED, J.H., s.d. Development of Religion and thought in Ancient Egypt. New York, Harper & brothers.

BRÖGELMANN, DR EMIL, 1927. Hellenistische Mysterien-religionen. Hannover, Orient-Buchhandlung. Heinz Lafaire.

BUDGE, E.A. WALLIS, 1968. Egypt under the Saites Persians and Ptolemies. The Netherlands, Oosterhout.

BUDGE, E.A. WALLIS, 1980. The Liturgy of Funerary offerings, New York, Arno Press.

CARY, M., 1954. A History of Rome. London, Macmillan & Co. Ltd.

CARY, M. and HAARHOFF, T.J., 1951. Life and Thought in the Greek and Roman World. London, Methuen & Co. Ltd.

COOK, ARTHUR BERNARD, 1965. Zeus a study in Ancient Religion. New York, Biblo + Tannen, Vol. 2.

CUMONT, FRANZ, 1956. The Oriental Religions in Roman Paganism. New York, Dover Publications.

DE COULANGES FUSTEL, s.d. The Ancient City, New York, Doubleday Anchor Books.

DE JONG, K.H.E., 1921. De Magie by de Grieken en Romeinen. Haarlem, Bohn.

DE JONG, K.H.E., 1949. Oosters Hellenistische Mysteriën. Den Haag, Servire.

DE LEPPER, DR J.L.M. 1950. De Godsdienst der Romeinen. Roermond en Maaseik, J.J. Romen & Zonen Uitgevers.

DILL, SAMUEL, 1956. Roman Society from Nero to Marcus Aurelius. New York, Meridian Books.

DODDS, E.R., 1965. Pagan and Christian in an age of anxiety. Cambridge at the University Press.

ENGELMAN, HELMUT, 1975. The Delian Aretalogy of Sarapis. Leiden, E.J. Brill.

ERMAN, ADOLF, 1977. A Handbook of Egyptian Religion. Boston, Longwood Press.

FOWLER, WARDE, 1914. Roman Ideas of Deity in the last century before the Christian Era. London, Macmillen.

FRASER, P.M., Ptolemaic Alexandria, Vol. 1 (3 Volumes). Oxford, Clarendon Press.

GIBBON, EDWARD, 1962. Christianity and the Decline of Rome. New York, Collier Books.

GLOVER, T.R., 1923. The Conflict of Religions in the Early Roman Empire. London, Methuen.

GODWIN, JOSECELYN, 1981. Mystery Religions in the Ancient World. Thaines and Hudson.

GRANGER, F., 1985. The Worship of the Romans. London, Methuen.

GRANT, F.C., 1953. Hellenistic Religions. The Age of Syncretism. New York, The Liberal Arts Press.

GRIFFITHS, J. GWYN., 1975. The Isis-Book (Metamorphoses, book xi). Leiden, E.J. Brill.

GUÉPIN, 1968. The Tragic Paradox. Myth and Ritual in Greek Tragedy. Amsterdam, Hakkert. M. Adolf.

GUERBER, HÉLÈNE, A., 1951. De Mythen van Griekeland en Rome; haar oorsprong en betekenis. Bewerkt deur Gondsmit, B.C. Zutphen. Thieme.

HADAS, MOSES, 1972. Romisches Reich, Rowohlt.

HARNACK, ADOLF., 1893. Outlines of the history of dogma. Translated by Edwin, Knox, Mitchell. London, Hodder and Stoughton.

HEYOB, SHARON, KELLY, 1975. The Cult of Isis among Women in the Graeco-Roman World. Leiden, E.J. Brill.

HOUSEHOLD, H.W., 1936. Rome Republic and Empire. London, J.M. Dent and Sons Ltd.

JAMES, E.O., 1959. The Cult of the Mother-Goddess. London, Thames and Hudson.

JAMES, E.O., 1966. The Tree of Life. An Archaeological Study. Leiden, E.J. Brill.

KRAEMER, HENDRIK, 1957. The Communication of the Christian Faith - London, Lutterworth Press.

KROMMINGA, D.H., 1945. History of the Christian Church. Grand Rapids. Mich, Eerdmans.

LANCIANI, RODOLFO, s.d. Pagan and Christian Rome, London, Macmillan.

LEOPOLD, DR H.M.R., 1918. De Ontwikkeling van het Heidendom in Rome. Rotterdam, W.L. EN J. Brusse's Uitgeversmaatschappij.

MAGI GIOVANNA, s.d. All Pompeii. Napoli Samuele e Alfredo Bello.

MAU, AUGUST, 1900. Pompeji in Leben und Kunst. Leipzig, Wilhelm Engelmann.

MEYER, REINHOLD., 1972. Past and Present. The Continuity of Classicial Myths. Toronto, Hakkert.

MORENZ, S., 1960. Egyptian Religion translated by Ann E. Keep. London, Methuen & Co. Ltd.

MÜLLER, H.W., 1969. Der Isiskult Antiken Benevent und Katalog der Skulpturen aus den ägyptischen Heiligtümern im Museo del Sannio zu Benevent. Verlag Bruno Hessling. Berlin.

NOCK, ARTHUR, DARBY, 1972. Essays on Religion and the Ancient World. Oxford, Clarendon Press.

OSBORN, HAROLD, 1970. The Oxford Companian to Art. Oxford, Clarendon Press.

PICARD, G., s.d. Rome. Translated from the French by H.S.B. Harrison. London, The Cresset Press.

POLLITT, J.J., 1966. The Art of Rome. Englewood Cliffs. Prentice Hall.

RAMSAY, W.M., 1892. The church in the Roman Empire. London, Hodder and Stoughton.

REITZENSTEIN, B.G., 1956. Die Hellenistischen Mysterienreligionen. Stuttgart, Teubner Verlagsgesellschaft.

RENWICK, A.M., 1968. The Story of the Church. Londen, Intervarsity Fellowship.

ROBERT, ETIENNE, 1974. Pompeji. Das Leben in einer antiken stadt. Stuttgart, Philipp Reclam jun.

ROSE, H.J., 1948. Ancient Roman Religion. London, Hutchinson.

ROSTOVTZEFF, M., 1927. De Oude Wêreld. Uitgevery Het Spectrum. Utrecht, Antwerpen.

ROSTOVTZEFF, M., The Social and Economic History of the Roman Empire Vol. 1 (2 Volumes) Oxford. Clarendon Press.

ROSTOVTZEFF, M., 1927. A History of the Ancient World. Oxford, Clarendon Press.

SANDERS, GABRIEL, 1960. Bijdrage tot de Studie der Latijnse Metrische Grafschriften van het Heidense Rome. Brussel, Paleis der Academiën.

SASSEN, DR FERDINAND, 1943. Geschiedenis van de Wijsbegeerte der Grieken en Romeinen. Nijmegen, Utrecht, N.V. Dekker en van de Vegt.

SCHEFOLD, KARL, 1966. Myth and Legend in Early Greek Art. London, Thames and Hudson.

SCHUBART, WILHELM, 1918. Einführung in die Papyruskunde. Berlin, Weidmannsche Buchhandlung.

SIMPSON, MICHAEL, 1976. Gods and Heroes of the Greeks. Translated by Simpson. Amherst, University of Massachusetts.

SINNIGEN, WILLIAM, G. & BOAK, ARTHUR, E.R., 1977, A History of Rome to A.D.565. New York, Macmillan Publishing Co.

STAMBAUGH, JOHN, 1972. Sarapis under the early Ptolemies. Leiden, E.J. Brill.

STAUFFER, ETHELBERT. De Koning en de Keisers. Baarn, Bosch en Keuning.

STOBART, J.C., 1961. The Grandeur that was Rome. London, Sidgwick and Jackson.

TAYLOR, LILY, ROSS., 1931. The Divinity of the Roman Emperor. Middletown, Connecticut.

TRAN, TAM, TINH, V., 1964. Essai sur le culte d'Isis a Pompei Images et Cultes. Paris.

TRAN, TAM, TINH, V., 1972. Le culte des divinites orientales en Campanie. Leiden.

VANGENECHTEN, K., 1948. Het Antieke Rome. Antwerpen, De Nederlandse Boekhandel.

VIDMAN, LADISLAV, 1970. Isis und Sarapis bei den Griechen und Römern. Berlin, Walter de Gruyter.

VISSER, ELIZABETH, 1938. Götter und Kulte im Ptolemaïschen Alexandrien. Amsterdam.

VLOEMANS, DR ANTOON, 1930. Menschen als Goden. Gravenhage, N.V.H.P. Leopold's Uitgevers-maatschappij.

WEINREICH, OTTO, 1969. Antike Heilungswunder Untersuchungen zum Wunderglauben der Griechen und Römer. Berlin, Walter de Gruyter.

WELLS & BARROW. A short history of the Roman Empire.

WILLETTS, R.F. Cretan, Cults and Festivals. London, Routledge and Kegan Paul.

WISSOWA, DR GEORG, 1902. Religion und Kultus der Römer. München, Oskar Beck.

WITT, R.E., 1971. Isis in dhe Graeco-Roman World. Ithaca, New York, Cornell University Press.

BIBLIOGRAFIESE BRONNE

1. Ausführliches Lexikon der griechischen und römischen Mythologie. Deel 2. Roscher, W.H., 1965. Georg Olms Verlagsbuchhandlung Hildesheim. 7 Volumes in 10 bande.

2. Bibliotheca Orientalis, 1970 en 1971. Jaargang 27 en 28. Instituut voor het nabije Oosten te Leiden. Boekbespreking deur V. Wessetzky oor Jan Bergman: Ich bin Isis. Studien zum memphitischen Hintergrund der griechische Isis aretalogien. Uppsala, Almquist & Wicksell.

3. The Oxyrhynchus Papyri. Vol. 2, 1380 edited with translations and notes by Bernard P. Grenfell and Arthur S. Hunt. London, 1915. Egypt Exploration Fund.

LEKSIKOLOGIESE BRONNE


1. The Encyclopaedia Americana. International Edition. Americana Corporation. New York.

2. Encyclopaedia Britannica Inc. William Benton Publisher.

3. Chambers's Encyclopaedia. New Edition. George Newness Limited. Tower House, Southampton Street, Strand London W.C. 2.

4. Comptons Pictured Encyclopaedia and Fact Index. F.E. Compton Co., William Benton.

5. Der Grosse Brockhaus, F.A. Brockhaus Wiesbaden.

6. Everyman's Encyclopaedia. Latest revised and Enlarged edition. London, J.M. Dent & Sons Ltd.

7. Grote Nederlandse Larousse Encyclopedie 13. Uitgeverij Scheltens & Giltay. N.V.'S. Gravenhage.

8. Encyclopaedia International Grolier. New York.

9. Oosthoek's Encyclopaedie. Vierde druk. Uitg. Utrecht.

10. The Universal World Reference Encyclopaedia. Consolidated Book Publishers, Chicago, Illinois.

11. Ensiklopedie van die Wêreld. 1973. C.F. Albertyn (edms.) Beperk. Stellenbosch.

12. Winkler, Prins. Encyclopaedie. 1951. Amsterdam. Elsevier Brussel.

13. The World Book Encyclopaedia. Field Enterprises Educational Corporation. Chicago.

14. Zoek-Licht Encyclopedie. 1958. Arnhem. Zeish.

## ABSTRACT

The object of this thesis is to provide a comprehensive survey of the Isis Cult in Rome. I started with the origin of Isis in Egypt. There she personified the throne of the Pharaohs'. There she became "the mother of all things, the lady of all the elements,, the beginning of all time". That the cult made its way to Rome via Greece is significant. The constant exchange between the Greek and Roman worlds had the "complete Roman" as its result. I found that many Romans participated in the cult from the second century B.C. until the fourth century A.D., in spite of the fact that it had been fiercely opposed by the government for many centuries. Isis the goddess with the many names who presided over everything that deals with human life, promised new things to the Romans which no other religion before had been able to do. The main attraction of her cult was purification and a new life after death.

Romans suffered various abstinences to have part in the rewards that Isis proferred. It is of vital importance to take into account that the cult flourished at the time when Christianity started its way in Rome. I concluded by stressing the fact that the Isis cult in Rome had a definite influence on certain rites of early Christianity. Isis worship influenced conceptions of the Virgin Mary. The madonna in Italy was really Isis renamed.